SEPTEMBER
1958

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

IN HIERDIE UITGAWE

- GEDIGTE: A. Alberts, Eliz. C. M. du Toit, Barend J. Toerien, Jac. J. Brits, A. Swart, Paul M. Bester.
- VERHALE: D. F. Malherbe, André Demedts, Abraham de Vries, André Brink.
- ARTIKELS: B. le Roux.
- BY DIE JONGERES
- BOEKBESPREKINGS

JAARGANG 8 - NOMMER 3

HOU VAKANSIE SOOS 'N WÊRELDREISIGER

Beplan NOU 'n reisvakansie en besoek die mooi dele van ons land — daardie plekke wat jaarliks duisende toeriste van oorsee lok. Laat die Spoorwegreisburo vir u 'n reisvakansie reël in die Unie of enige gebied in Afrika — een wat by u verloftyd en beursie inpas.

Daar's toere na almal se smaak. U reis waarmee u wil — toerbus, trein, boot, vliegtuig of safarimotor. U gaan waarheen u wil en wanneer u wil. Die Reisburo sorg dat u plekbespreking en hotelverblyf agtermekaar is. U weet vooraf wat die totale koste van u toer gaan wees. Hou hierdie keer vakansie soos 'n wêreldtoeris.

Reis — en GENIET meer . . . . sien MEER !

TERLOOPS

Die Reisburo doen boot- en vliegtuigbesprekings op enige redery na enige plek in die wêreld. Onthou! 'n Reisiger sonder sy kamera is soos 'n jagter sonder sy geweer.

BRING U KAMERA SAAM!

SAS

TREINDIENS - PADVERVOERDIENS - REISBURO - LUGDIENS

VZ1091B

TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

•

Redakteur: ABEL COETZEE

•

Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE
H. A. FAGAN
P. C. SCHOONEES
W. A. DE KLERK
M. S. B. KRITZINGER
B. KOK

Administrasie:
Mej. S. VICTOR
Posbus 57 - Northcliff

Intekengeld: 20/- posvry

•

JAARGANG 8 NOMMER 3

SEPTEMBER — 1958

Inhoud

Bladsy

GEDIGTE: A. Alberts 5

DIE MATRAS: Abraham H. de Vries 9

GEDIGTE: Eliz. C. M. du Toit 16

VOOR HET VERLOF: André Demedts 23

GEDIGTE: Barend J. Toerien 42

Jac. J. Brits 46

VERTROOSTING VAN DIE TROOSTELOSE:
André P. Brits 48

GEDIGTE: Paul M. Bester 55

A. Swart 56

ENKELE GEDAGTES OOR DIE VOORLOPERS VAN DIE BYBELDRAMA IN AFRIKAANS: B. le Roux 62

BY DIE JONGERES: Gedigte:

Adriaan Snyman 68

R. J. Jansen van Rensburg 70

Krüger van Niekerk 72

Mattie J. Hattingh 72

A. Ganter 74

Magdalena Steyn 74

A. Hauptfleisch 75

EEN AKTER: 'n Geskenk vir die Oues:
Katinka Botha 76

BOEKBESPREKINGS 83

SKRYWERSAANGELEENTHEDE 87

Digitized by the Internet Archive
in 2017 with funding from
University of Pretoria, Library Services

https://archive.org/details/tydskrifvirlette00uns_o6k

A. ALBERTS:

Terug na die Ou Paaie

1. DIE OU BRUG

Die kinders vrees al jare lank, al meer en meer,
die lendelam ou houtbrug oor die Swartrivier.
Van ongebaste houtboslatte, groen en teer,
geliefde eetgoed vir die kewer en die mier,
is dit gebou. Hoe aaklig staan dit snags en spook:
dit kraak en knars en kreun as stormwinde waai,
dit rittel wanneer modderwaters daarteen kook,
in pikswart kolke om sy houtpilare draai!
Dan smeek die kinders hulle moeders asseblief:
„Ag, toe tog, stuur ons langs 'n weg wat veilig is!"
„Jul moét en sál daaroor!" gebied die vaders stief.
„Bly op die pad wat vir jul nasie heilig is!"
Die kinders het gehoor en oor die brug gegaan,
die wrak wat wankelend sy laaste oomblik staan . . .

2. DIE OU BERGPAS

Hot om rotse, haar om gate beur
die wydvermaarde, oerou paaie
van die vadere die bergpas deur;
gooi dit tydsaam Kaapse draaie
by lekker uitspanplekkies langs.
Teen wil en dank en teen die rede
benou die pad die jeug met angs;
vertrou geen kind die soete vrede.
Erosie het die fondamente
van die afgrond uitgedelf.
Onheilspellend kraak die elemente;
oorhang sy stutwerk die gewelf!
En hoër op pak nou die sneeu
die gletsers van 'n nuwe eeu . . .

3. DIE OU VOETPAD

Die stoere voorgeslag se dapper helde
het in die kloof gedool, sy wild gejag.
Vertroud met elke plooiing van die velde,
het die voetsool met sy sye slag
'n voetpad in die klipplaat ingekerwe.
Versteen is reeds die as van hulle vuur,
fossiel hul vuurklipgoed en kleipotskerwe
en dof die verfkuns teen die grot se muur.
Onseker weifel nou die nageslagte,
vermoed hul onraad ergens nader sluip;
want vae geskuifel vul die bange nagte,
asof skaduwees daar seil en kruip.
En in hul paadjie sien hul elke môre
'n nuwe dier se energieke spore . . .

4. DIE OU DAL

Hul vaders het die skone dal bewoon,
die oerou dal, so vrugbaar en so veilig;
waar die natuur met vrede en vreug bekroon
hul paradysie, duisend jaar al heilig.
Hier het die gode saam met hul gewandel,
hul skones onbeteueld saam bemin;
gedeel ook in die alledaagse handel
in skulp en kraal met vals munt tussen in.
Die seun vir hout, die dogter vir die vrugte,
stuur die ouers eens hul kinders weer;
en onverwags uit suiwer bloue lugte
stort die nuwe orde op hul neer!
Die broer gesneuwel, gaan 'n sterker dier
sy tiende bruilof met die suster vier . . .

5. DIE OU GROND

Gelyk en geil was hierdie grond;
sy samestelling en tekstuur
met grasbedekking afgerond,
'n meesterstuk van die natuur.
'n Ewigheid het die Heelal
daaraan ontwerp, geskep, geslaaf;
so vindingryk van elke dal
die veld en vleie reggeskaaf;
maar in 'n goddelose uur
verdelg die vaders met die ploeg
die vrugbaarheid van die natuur.
Verdoem om vir hul straf te swoeg,
moet nou die kinders klippe maal
om nuwe grond daaruit te haal . .

6. DIE OU KENNIS

Die kennis van die trek met ossewa,
vanaf die onder- tot die boonste kerwe;
om spoor te sny en pangeweer te dra,
dié het ons van ons vaders wel geërwe.
Hul het ons ook geleer om vroom te leef,
in armoed saligheid te kan beërwe;
onbuigbaar strenge dogmas na te streef,
tot ons in godsvrug soos ons moeders sterwe.
Nou skiet die ander nasies hulle pyle
oor ons hemel in die ruimte langs,
en dom-onnosel wonder ons by wyle.
Dan pak ontsettend ons die nugter angs:
die lam staan kennisloos in hierdie eeu
en hoop op die genade van die leeu . . .

7. DIE OU DRIF

'n Vrome man wat op 'n esel ry,
gaan op kommando saam. Vir vrou en kind,
vir God ook, moet hy saam met ander stry;
want hy alleen is arm en half blind.
Hy sou hom by die agterryers hou
en kos vir perderuiters voorberei;
maar by die drif, die oerou drif, word nou
die ridders in 'n hinderlaag gelei.
Die hordes storm met hul oorlogskrete
en jaag die helde op 'n woeste vlug.
Deur God en mens verlate, bly vergete
die blinde op sy eseltjie se rug.
Hy sien geen drif nie; alles lyk maar swart.
Daar tref 'n blink asgaai sy donker hart . . .

8. DIE OU HUIS

Die kinders voel te bang en skaam
om in die ouerhuis te woon.
Hul krimp van smart in bondels saam,
soos vreemde kinders tergend hoon;
want in die oerou dak van gras
verskuil, woon slange en muise saam,
en nooit weerkaats 'n ruit van glas
blink sonlig uit 'n vensterraam.
„Ons vlug, Kleinsus, ons dros hier weg!"
so lei die seun sy suster uit;
maar van die plan kom min tereg.
Gevang, word hul nou toegesluit.
'n Veldbrand woed die grasdak nader,
verras in dronkmanslaap die vader . . .

9. DIE OU SLANG

Die vuur omhul die huis.
'n Kreet van smart oorstelp,
versterf in die gedruis:
„Help, Vader! Here, help!"
Bo-op die oerou dak
seil oop die slu ou slang.
Sy keelvel dreigend bak,
maak hy die vlamme bang.
Van leuentaal simbool,
faal nou sy krygslis so:
saam met die mens verkool
die slang waarin hy glo.
Oor suiwer puin regeer
herrese waarheid weer.

ABRAHAM H. DE VRIES:

Die Matras

Die grootste gebeurtenisse in oompie Nollie Senekal se lewe het nog altyd met sy vrou te doen gehad. Destyds het die eentonigheid waarin hy gelewe het so 'n opslaggie gemaak toe hy Ta' Karlena gevra het om met hom te trou. En dit het hy gedoen in die volle bewustheid dat die lewe glad nie volsloot by hom water lei nie. Maar reeds omdat hy arm was en hardwerkend, en omdat hulle jonk was en Vleiplaas tot 'n groot mate onbewerk, het sy ingestem.

Van toe af het die lewe maar weer sy Sondagsgang gegaan.

Dit wil sê vir die buitestaander. Immers was Gertie, die meisiekind en Giep se geboortes 'n alledaagsheid van die natuur. Ryk het hulle op Vleiplaas nooit geword nie. Tussen dagbreek en aandskemer het die dag maar gedurig soos 'n horlosie se slagstok geswaai met al sy vreugdetjies en sy serigheite.

Maar vandag maak die lewe weer 'n ekstra groot bult en dit is dié dat ek sê die grootste gebeurtenisse in oompie Nollie se lewe het nog altyd met sy vrou te doen gehad. Hy is vroeër op as gewoonlik en hy beweeg soos een wat in 'n huis loop waar siekte is. Hy het al van gisteraand af bo-op geslaap en die môre het baie tikke van die horlosie ver gelyk, maar net so teen die voordag het hy ingesluimer en toe hy weer wakker word, was dit opstaantyd.

Die hele plaas is eintlik nog donker en slaap soos 'n molshoop, maar dit duur nie lank nie toe trek sy vuurtjie se rookwors al by die skoorsteen uit. Die keteltjie sing. Hy staan eenkant en wag dat die koffie regtig lekker sterk moet trek en bedink die groot dag van vandag. Hulle gaan Karlena uit die hospitaal op die dorp haal!

Gekla het die vrou van hom nooit eintlik nie. Nie eers die slag toe hulle almal lam gelê het van die pampoentjies en sy maar die enigste een was wat moes regvat waar reg te vat was nie.

Maar hier verlede maand in die dorstyd het sy begin kla van die pyn in die sy. Hy het hom eers nie daaraan gesteur nie, maar een Saterdag is sy saam met Sakkie Berg dorp toe en toe Sakkie terugkom, moes hy hoor die Dokter het gesê sy vrou moet in die hospitaal bly vir 'n operasie.

Toe hy die koffie klaar gedrink het en buite op die stoep staan, het hy amper vir haar 'n bittertjie ingeneem kamer

toe. Maar hy het onthou en omgedraai, die koffiesak uitgespoel en alles weer netjies op hulle plek gesit. As 'n mens so lank saam met een brood geëet het, dwing jy elke keer om maar weer 'n snytjie ekstra af te sny.

Onderkant die huis in die stroompie was hy hom. Hy trek sy hemp ook uit en was sy bolyf soos hy altyd doen as hy dorp toe gaan. As daar nou een ding is wat hy net Sondae doen, is dit om binne in die huis te was. En hy sweer blou dis daarom dat hy nog so gesond ook bly ten spyte van die paar dosyn somers.

En toe hy weer in die huis kom, voordat hy nog sy dorpskiere aantrek, haal hy al die beddegoed van die bed af. Toe ook die ou klapperhaarmatras. Hy slaan amper die kers van die tafel af en staan toe 'n oomblik stil soos een wat aan die kwaaddoen is en wag om te hoor of daar nie iemand aankom nie. Iemand wat oompie Nollie ken, sou nooit anders sê as dat hy weer besig is met een van sy streke nie. In der waarheid is sy oë ook flikkerig in die kerslig en daar is 'n glimlag op sy gesig. Soos 'n skaduwee werk hy in stilte en die kerslig kom telkens amper sy peetjie teë.

Hy praat nie 'n woord met homself nie. Hy werk net. Twee holtetjies langs mekaar in die klapperhaar wys waar hy en Karlena al die jare gelê het. Hy sien dit raak, mompel iets en dra die matras na die spaarkamer toe. Nou sou jy regtig sê hy is besig om kattekwaad te doen, want met huiswerk het hy hom sy lewe lank nooit opgeskeep nie.

In die spaarkamer kraak dit net. Dis 'n nuwe matras se oortrekpapiere wat hy aan die aftrek is. Hy maak al die flenters eers op 'n hopie bymekaar en gaan steek dit toe in die vuur. Met die nuwe matras aan die twee lussies steun hy weer hulle slaapkamer binne. Hy help die nuwe matras met die maer kniekop op die bed op en toe die nuwe ding nou mooi haaks lê, staan hy voldaan terug en betrag sy handewerk.

„Lekker . . . lekker . . . ai!" sê hy vir homself en hy kneus die matras met sy vuis, voel hoe die vere onder sy hand meegee. „Lekker . . ."

Terwyl hy so staan, gesels hy met homself en dis publiek of hy vir jou die storie van dié verandering in die slaapkamer wil vertel.

Vandat Karlena op die dorp was, was hy nog net een dag met die donkiekar na haar toe. Dis nie dat hy nie meer geleentheid kon kry nie, maar die dorp het mos 'n gevoel van sy eie. Dit laat hom altyd aan die tafeldoek

dink wat Karlena so netjies stywe. En die plaas se gevoel is mos nou weer heeltemal anders. Baie meer soos 'n lekker kombuisvadoek. En omdat hy die plaas se gevoel gewoond is, hou hy nie van die dorp nie. Dis te styf met die pak klere aan en dan nog die stywe boordjie. En hy het al uitgevind 'n mens raak baie verveliger op die dorp as op die plaas. Daar is nie eers mooi perde of mooi omgeploegde land om na te kyk as jy niks te doen het nie en om na mense te kyk raak partymaal erg eentonig. By die hospitaal is dit nou 'n ander saak maar hy hou daarvan ook nie.

Karlena het dié dag toe hy daar was op so 'n kraakwit bed gelê en toe onder ewe wit lakens. Alles was so skoon dat hy uit sy plek gevoel het.

„Hoe gaan dit met jou?" het hy met die hoed in die hand gevra. Hy het sag gepraat, asof dit so hoort in so 'n wit plek.

„Goed. Die pyn is weg en ek is maar net swak," het sy geantwoord en met haar hand ongemaklik aan die bo-ent van die laken getrek. Hy het rondgestaan en nie geweet wat om te sê nie.

„Maar ek wil huis toe gaan, Nollie . . ."

Sy het dit nie net met haar mond gesê nie. Hy wat haar geken het, kon hoor dit was hartsake daardie.

„Ek sal vir die dokter vra wanneer jy kan opstaan en huis toe gaan," het hy belowe. Toe het 'n verpleegster alweer kom sê hulle wil met Karlena werk en hy moes gaan.

Met die huis toe gaan daardie dag het hy die hele pad nie geweet hoe om te voel nie en al het hy ook geweet, sou hy dit vir niemand gesê het nie, want dit lyk mos kinderagtig van 'n grootmens om so te verlang. So teen die aand se kant het hy gevoel sy huis word darem te stil vir hom en hy het oorgestap na Sakkie se winkel toe om vir dié te gaan geselskap hou.

Vir Vleiplaas is Sakkie se winkel slaghuis, winkel en poskantoor. Die eienaar sit gewoonlik tot laat saans toe op die bokstoeltjie agter die toonbank en gesels land en sand met almal wat kom kuier. En dit ís die kuierplek van Vleiplaas, want teen die aand se kant werk niemand meer van die hardste nie en dan is dit net die plek om te sit en gesels tot slapenstyd.

„Naand, Sakkie . . . bietjie oorgestap hiernatoe. Stil daar anderkant by my . . ."

„Hoe lyk dit vir my jy verlang na Karlena, Nollie? Sakkie het die spyker op die kop geslaan.

„Mmmm . . ."

Nollie het die winkel deurgekyk. Hy doen dit altyd, want daar is altyd iets nuuts. By hom in die huis weet hy waar elke ding staan, maar in die winkel is dit net anders. Nie twee keer as hy daar inkom, lyk dit eenders nie. Juis net daardie dag het 'n nuwe klomp goed ingekom en die rakke lyk soos 'n gekleurde heuningkoek. Eenkant teen die muur het die nuwe matras gestaan.

„Hoe lyk so 'n nuwe matras vir jou, Nollie? Dit is net die ding wat jy en Karlena nodig het. Ek het hom net vandag ingekry. Koop hom, jong . . ." Die papier het gekraak soos hy die vere met sy vuis gekneus het. „Lekker sag . . ." het hy bygevoeg.

Daardie nag het Nollie die dinge gelê en bedink. Hy het gesien Karlena lê in die hospitaal op so 'n matras en sy ou vrou sal darem bitter lekker lê as hy nou so 'n ding vir hulle huis ook koop. Buitendien sal dit moontlik help vir die pyn in die sy.

Hy het opgestaan en die kers aangesteek. Hy bêre sy geld in die klerekas in 'n konfytfles en dié het hy uitgehaal. Daar was oorgenoeg vir twintig sulke matrasse, het hy geweet, maar hy het die bedrag stadig uitgetel en dit in 'n tabaksakkie toegebind.

„Karlena sal nie weet voor sy in die huis is nie," het hy by homself gemompel, die onderbroek waarin hy slaap hoër opgetrek en weer gaan lê.

Die volgende oggend het die nuwe matras 'n nuwe baas gehad.

En dis nou dié matras wat met sulke sorg op die bed gesit word. Hy haal ook die skoongewaste beddegoed uit die bruin kas teen die muur en gooi dit oor. Toe dit klaar was, was dit net mooi so lig dat hy die kers met die gebarste duim doodsmoor in die vet. Hy bekyk sy handewerk by daglig en mompel:

„Baie beter as in die hospitaal, Karlena . . . baie beter. En hier sal jy 'sond word soos nie daar nie. Gesweer!" Toe lag hy so onderlangs soos iemand wat 'n ander een 'n poets gebak het en trek hom aan.

Net na ontbyt is hy en Sakkie weg om sy vrou met die motor te gaan haal. By die hospitaal is dit 'n bedrywigheid van 'n ander wêreld. Dit lyk of nog hope ander mense ook hulle vrouens kom haal. Nollie klim liewer nie uit nie en hy het ook nie lank in die kar gewag voordat hulle met Karlena uitkom nie. Hulle maak vir haar 'n sitplekkie in die kar.

„Môre, Nols . . ."

„Môre, K'lena . . ."

Met dié groet en die piksoentjie omdat hulle baie bewus was van die ander mense om hulle het hulle eintlik vir mekaar meer gesê as wat die woorde gesê het. Sy het gesê: „Dankie dat ek weer huis toe gaan" en hy het gesê: „Dankie dat jy weer huis toe kan kom." Nadat sy gemaklik sit, trek Sakkie weg. Hy steek sy pyp aan en voel amper soos die keer toe hulle met sy pa se perdekar weg is Stilbaai toe vir hulle wittebroodsdae.

Hy gesels land en sand met haar oor die plaas, maar hy kik of mik nie van die matras nie, alhoewel dit erg bo-op lê en hy elke keer moet byt dat dit nie van die tong af glip nie. Hy dink: sy kan dit maar self sien en dan kan haar oë weer so groot rek soos sy altyd maak as hy vir haar iets van die winkel af saambring. Dit bring ammeliedeur so 'n lekker gevoel hier binne in hom. Hy hoop net Sakkie praat ook maar nie daarvan nie.

Sakkie het nie. Hy moes seker agtergekom het daar is iets aan die kook en toe hulle afklim, was die geheim nog onder die pot se deksel.

'n Hele klomp van die plaasmense is ook daar om vir Karlena welkom te heet. Gelukkig weet hulle darem niks van die matras nie en niemand praat daarvan nie. Met dié spul mense so om hom, weet oompie Nollie nie hoe om te voel nie. Aan die een kant is hy bly hulle het so baie vriende, maar aan die ander kant: kon hulle dan nie net so 'n bietjie later gekom het nie! Sy sal mos nooit voor hulle iets van die matras sê nie.

Soos 'n klomp heiningsparretjies in die grensdraad staan hulle aan weerskante toe hy en Sakkie haar die huis in help. Toe hulle in is, vou die agterste vlerke om dat hulle amper in 'n perdeskoen voor die deur staan. Almal wil net weet hoe dit gaan.

Met die instap in haar eie huisie in, staan Karlena eers 'n oomblik stil en kyk alles deur.

„Weet jy hoe het ek verlang . . . na die huis en sommer na alles, Nols," sê sy en trek met haar hand die tafelkleedjie haaks oor die tafel.

„Ek sien jy het dat Klara die misvloer van die kombuis nuut laat uitsmeer . . ." Sy sê dit amper of sy vir hom wil dankie sê daarvoor. Hy verstaan. Sy merk alles tot in die fynste draai op. Maar so met die siekte was sy nie so nie. Dit was net asof sy belangstelling verloor het. Sy vrou is weer aan die gesond word!

Toe neem hy haar kamer toe.

Met die grootste versigtigheid help hy haar om op die bed te kom, maar sy sê niks van die matras nie. Miskien

is dit omdat Ta' Miet en Ta' Trynie by hulle is. Hy bring maar haar koffertjie in en Ta' Trynie pak die medisyne wat die dokter gegee het mooi langs mekaar op die tafeltjie voor die bed.

Toe hulle alleen is, wens hy sy wil iets sê van die matras, maar sy sê nog niks. Hy wonder by homself of sy heeltemal so lekker voel soos sy lyk. Sy is nie een wat maklik iets sal laat agterkom nie.

„Hoe lê my vrou? Ek wil gou eers gaan kyk dat die water reggesteek word..." vra hy.

„Lekker," sê sy. En toe. „Die matras is net soos die een wat ek op die dorp op gelê het." Dit stel hom tevrede. Sy het gesê dit voel soos die matras waarop sy op die dorp gelê het en dis genoeg! Hy stap uit na die water toe.

Die hele agtermiddag draai hy om die huis rond soos 'n hoender wat voel dit word kosgeetyd. Teen die aand se kant maak hy die vuur in die vuurherd brand en toe dit sterk donker is, gaan sit hy voor die vuur en stop sy pyp. Die rooi streep van die vlamme trek 'n pad al oor die kombuisvloer tot in die kamer waar Karlena lê, klim nog so halfpad teen die bed ook op. Ou Miena het die kos gemaak en toe na haar huis toe gegaan en hulle twee was alleen... vir die eerste keer weer vandat Karlena siek geword het. Hulle gesels net so tussendeur, maar hulle is doodgelukkig so bymekaar. Hy voel hy was lank in 'n vreemde huis en sy voel sy is weer tuis na 'n lang ruk weg.

Hy het darem aan die eenkant lus om oor die matras te praat, maar aan die ander kant: wat gesê moet word moet sy mos nou sê. Hy het dit gekoop. Sy moet hom darem nog daarvoor bedank. Maar sy doen dit nie. Hy wonder hoekom nie. Lê sy miskien nie lekker nie, of voel sy nog nie gesond nie? Dié dinge pla hom en die matras bly 'n onbesproke gas in hulle huis.

Later gaan hy ook lê. Langwa strek hy hom uit en vat die kers tussen sy duim en voorvinger dood. Die pit smoor in die vet en stink branderig die hele kamer vol. Hulle gesels het ook opgeraak en, so dink hy, sy moet rus. Hyself lê in die donker met sy oop oë en wag dat die slaap moet kom. Hy bedink die dag weer oor en toe nog sommer baie ander goed waaroor hy maar lê en dink voordat hy aan die slaap raak. Giep het 'n goeie betrekking en dié seun van hom gaan goed aan. Gertie is nou tikster in die stad en sy gaan daar met 'n mannetjie uit wat nogal vir hom nie 'n onaardige ventjie lyk nie. Langs hom slaap Karlena ook nog nie.

En by homself moes hy naderhand erken; die slaap bly

weg! Hy ken tog nie so iets soos wakkerlê nie en met die beste wil in die wêreld kan hy nie vannag aan die slaap raak nie. Dis al vir hom of hy op 'n vreemde bed lê.

„Dis snaaks. Ek kan nie aan die slaap raak nie," sê hy later eerlik en steek weer sy pyp aan. „Dit voel vir my al dit is die nuwe matras wat ek gekoop het . . ."

„Ek kan ook nie slaap nie, Nols. Ek het op net so 'n een in die hospitaal gelê. As 'n mens net roer dan wip jou hele lyf . . . En buitendien laat dit my dink aan die hospitaal en die goed wat vreemd is, Nols."

Hulle lê nog 'n rukkie stil en toe stel hy voor:

„Kom ons sit maar die ou matras weer op die bed. Hy staan daar in die spaarkamer en hy slaap lekker . . ."

Só het hy gemaak en hy het nie in die minste sleg gevoel toe hy weer die ou klapperhaar op die bed lig nie. Hy het eerder sy vrou se stilbly bewonder. Snaakse manier van stilbly wat sy het en dan moet jy later agterkom dat sy meer daarmee gesê het as met woorde.

Hulle gooi die beddegoed weer oor en toe elkeen hulle holtetjies gekry het, het hy nog 'n grappie gemaak oor die nuwe goed. Toe het die vrede van ou bekende dinge oor hulle toegesak en hulle het aan die slaap geraak, eers sy en toe, met 'n lang lekker sug ook hy. Diep en lekker het hulle geslaap.

Die nuwe matras het eenkant in die hoek teen die muur gestaan soos 'n kuiergas wat nie weet wat om te gesels nie, maar darem ook nie wil loop nie.

ELIZ. C. M. DU TOIT:

Towerwoud

STOMME KINDJIE

Stomme kindjie,
sê vir my,
uit watter verlore
land kom jy?
Rondom hierdie
stad van goud
strek die donker
towerwoud!
Daar loop al die
paaie krom —
hoe't jy dan hier
uitgekom?

(Deur die donker
towerwoud!
Hande steek hul
uit die hout!
Stemme in die
lug aan praat!
Teen 'n stam, 'n
wit gelaat!
Oë kyk van
bo af neer!
Sal ek ooit
terug kan keer?)

Reuse wat dié
stad bewoon!
'n Wit ysvrou
op die troon!
Daar's geen mense
meer op straat,
almal moes die
plek verlaat.
Dwerge werk
onder die grond,
en die reuse
loop bo rond.

Jare lank al
net die woud!
Toe, van ver, 'n
glim van goud!
Uit die blare
kras 'n lag!
Maar — ek strompel
tot die dag,
om — die stad van
goud te vind:
net één mens en,
dié is blind.)

Lank het ek my
lot verwens:
hier is ek die
laaste mens.
Daags kruip ek vir
reuse weg,
moet die dwerge
snags beveg.
Al lê al jou
spore dood,
neem my same
in my nood!

(Uit die stad van
vrees en goud,
vlug ons tot die
towerwoud:
hy wat blind is,
ek is stom.
Bome orals,
swart en krom.
Oë kyk van
bo af neer:
Sou hul ons
terug laat keer?)

Die Stad

Ek reis tussen strakke geboue,
'n stad sonder deure of gange.
Skuil agter wrakke van mure,
deur bewing en duisling bevange.

Verder, oor vogtige vloere,
in skimmel en skemer gedompel,
wanstaltig die harwar van bome:
mistroostige, roestige stompe.

In web van versplinterde suile
lê 'n godeliggaam gebroke,
die arms opsy die groot oë
in die hoof van marmer geslote.

Gevleg tussen warwerk van tuine,
aardversonke, bogtige weë:
lei deur die onseker gebiede
tot die toorwoud — eind van my troë.

Die Sleutels

Yl van krankheid,
sonder woord,
in die onherbergsame
verbanningsoord,
die benewelde maanwoud
wat niemand betree . . .
'n Bos van sleutels
sleep ek mee.
Iewers op 'n berg
van ys gebou,
staan 'n toorslot,
groeselgrou,
waar my geliefde
buk — geketen.
Sneeu bedek daarheen
ieder teken.
Ek wat sonder
koers hier dwaal,

dra die sleutels
van sy saal.
Sy oë dof,
sy wange bleek:
sal die tower-
spreuk ooit breek?

Orals Bome

Orals bome, bome!
Nêrens skyn 'n lig!
Tot die kruine hef ek
my blinde mensgesig!

Stamp teen die ruwe stamme
in poging om rigting te vind:
deur die takke klink daar
die huilstem van die wind!

Ek struikel oor klippe en sade,
val teen die boomwortels aan:
sal ek ooit uit die donker
na die lig toe gaan?

Duif

'n See van denne.
Nou 'n strand.
'n Vloed van water
teen die land.
'n Blou duif in die
kruine ween
sy sanggolf deur die
naalde heen.
Dan, op die grond,
'n stem wat sê:
„Ween jy oor die
water lê
soos 'n toekoms
voor die woud?
Albei eners,
albei oud.
Ewig golwing.

woud of see!
Duif, bly stil,
en bly tevree".
Teer gesigte
knik en lag
in die denne
teen die dag.
Sagte vingers
wuif en wink
waar die see se
golwe blink.
Waar die hoë
boomkruin styg,
laat die duif sy
sang verswyg.

Nie Toegelaat

Êrens, hoër,
lê die land —
mooier as wat
ek bewoon.
Bo die toppe
dans hul snags
om 'n draaiende
sterretroon.
Rondomtalie,
om en om,
silwer hand
in silwer hand.
Daar is ander
wat musiekmaak,
in die takke
onderkant.
As ek in die
woud ontwaak,
vlug hul skielik
met die slaap:
soms sien ek 'n
blou gewaad;
soms hoor ek 'n
stem wat praat;
soms val golwe
hare neer;

somtyds minder,
somtyds meer.
Weg wat na hul
uit mag lei,
altyd net my
oog verby.
Hoe ek roep of
hoe ek praat,
daar word ek nie
toegelaat.

Douspoor

Deur die eentonige
woud van die nag
dwaal 'n meisie,
gebonde in drome.
Nou geen glans
van wind of water,
net die wit dou
uit die bome.
Ek weet wie se douspoor
uit voor my gly!
Hy wat alleen is
en altyd so bly.
Ek ken ook sy huis: langs
die dooie meer —
daar was ek gister
en gaan daar weer.
Son nog sterre wat
daar deurdring!
Ek is trots en bang dat
hy my daar bring.

Berge tot Bo

Berge tot bo
teen die hemel aan rys!
Niemand bly oor om die
weg aan te wys.
Bo op die kruin woon 'n
krom grys ou man,
blaas rook op die paaie
uit 'n towenaarskan.

Dwerge skuil onder die
struikgewas weg,
besig om wippe vir
voete te vleg.
Reuse hurk agter die
kranslywe neer,
besig om pik aan die
paaie te smeer.
Reënwoud rondom
aan die ween:
trane drup van
steen tot steen.
Al die ou wyses
van vroeërtyd was,
toegemessel onder
klippe en gras.
Berge tot bo
teen die hemel aan rys!
Niemand bly oor om die
weg aan te wys.

ANDRÉ DEMEDTS:

Voor het Verlof

1.

Het was stil in het kantoor van kinderrechter Hendrik Heysen. Hij had die stilte nodig om zijn aandacht bij het werk te kunnen houden waarmede hij bezig was. Hoeveel drukte en op en neer geloop in sommige lokalen en gangen van het uitgestrekte gerechtshof ook heerste, hier waar hij de meeste uren van zijn werkdagen doorbracht, werd de rust alleen door de komst van de bode of een zeldzame telefonische oproep gestoord.

Zijn ramen zagen uit op een klein plantsoen, waar alleen kindermeiden met hun kleintjes of vreemde toeristen kwamen, die dit plekje aangewezen waren omdat het over het lager gelegen stadsgedeelte een enig uitzicht bood. Wie goede ogen had kon door de lichte rook, die steeds boven de huizenzee scheen te hangen, helemaal in de verte de groene heuvels zien, die aan de andere kant van het dal de stad omringden.

Als de rechter zich verveeld of vermoeid gevoelde, ging hij voor die ramen staan en keek naar het boeiende schouwspel, dat voor zijn blikken lag. Vroeger rookte hij vaak een sigaret, terwijl hij even verpoosde. Sedert de dokter hem aangeraden had hier, wegens een lichte hartaandoening, zoveel mogelijk van af te zien, liet hij het na.

— Als ge oud wordt, merkte de geneesheer op, moogt ge niet veel voldoening van het lichaam meer verwachten.

Heysen was acht en veertig.

— Gelukkig wie zich dan met geestelijke vreugden kan troosten. Een boek, een toneelstuk, een film, een beetje keuvelen met gelijkgezinden, een wandeling door het Zoniënwoud. En uw werk, natuurlijk, mijnheer de rechter, als ge daarmede kunt gelukkig zijn.

De dokter lachte en Heysen wist dat het plagerij en niet slecht bedoeld was. Hij lachte eveneens en voegde eraan toe:

— Dus heb ik te veel met mijn hart geleefd.

Ineens ernstig, kwam het besluit:

— Ik vrees het ook.

De rechter kon er niet buiten. Het was nu eenmaal zijn taak in het ongeluk van de mensen binnen te dringen. Op de hoogte te komen van hun kleinheid, hun driften en hartstochten, hun boze neigingen en ongegrensde zwakheid. Ieder dossier dat hem door de procureur werd toegezonden

was een verhaal van verspeelde kansen, verwaarlozing van het goede en toegeeflijkheid jegens het kwaad. Alle jongens en meisjes over wie hij te oordelen kreeg, droegen een verleden in zich waarvoor niet zij alleen, zelfs niet in de eerste plaats verantwoordelijk waren.

In een eindeloze rij kwamen steeds dezelfde mizeries terug, vernietigingen, diefstallen, aanslagen en zedenmisdrijven. Hij trachtte er gevallen van te maken en ze als gevallen op te lossen. Maar hij kon niet. Uit iedere bundel groeide een levende mens, die hij kende, met wie hij te doen had, die hij soms verafschuwde en toch wilde redden, vóór hij hem in levenden lijve voor zich had gezien. Kwam dan het ogenblik dat de jeugdigen delinquent op zijn bureau moest verschijnen en Heysen de persoon die in zijn verbeelding gestalte gekregen had met de bestaande mens kon vergelijken. De werkelijkheid was gewoonlijk nog triestiger dan hij ze zich ingebeeld had. Na tien minuten wist hij reeds in hoever hij de macht had om in het lot van de beschuldigden zodanig in te grijpen, dat hun de mogelijkheid geschonken werd weer normale mensen te worden.

Hij leefde in het lijden van de mensen. Het was hopeloos. Ook zonder tabak, was er telkens iets wat zijn hart deed uitzetten en er een bijkomende inspanning van vergde.

Doordat hij niet van humor gespeend was, begon hij te lachen met zichzelf. Hij stiet het dossier, waarin hij sommige zaken lezend zitten bladeren had van zich af en stond op, om bij het raam wat verstrooiing te zoeken.

Juli was begonnen. De stad stoofde in de hitte. De rooksliert die erboven dreef leek uit gloeiend gas te bestaan. Na een jaar altijd maar onder de mensen, verlangde hij naar het verlof en de eenzaamheid. Na aandringen en nog eens aandringen, had hij zijn vrouw kunnen overtuigen dat hij beter niet op reis zou gaan.

— Ik wens niet liever dan een paar maanden te Schorisse te mogen verblijven.

Zes jaar geleden hadden zij daar, in de heerlijke heuvels van Zuid-Oost-Vlaanderen, een landhuis gekocht, eenvoudig, maar schoon gelegen bij een vijver en een boomgaard met reusachtige appelbomen. De lage, brede vensters zagen op het zuiden uit, een perk vol rozen, een grasveld en een loofbos, waarvan de kruinen voortdurend in beweging waren, als de huid van een dier, zachtjes rillend en op en neder gaand, onder de druk van de zenuwen en de ademhaling.

Hij zou vissen in de ochtenduren en de zon zien opgaan

boven het akkermaalshout, waarin een fazant op zijn kuikentjes riep. Tijdens het warmste deel van de dag zou hij binnenblijven, lezen, een artikel schrijven over jeugdmisdadigheid, dat hij een tijdschrift beloofd had en na het middageten gaan liggen en slapen tot hij vanzelf wakker werd. Dan kwam de tijd om in de tuin en de boomgaard kleine werkjes op te knappen, koffie te drinken en erop uit te trekken voor een wandeling door de streek.

Niet zelden gebeurde het dat hij de gehele dag alleen was, door dat zijn vrouw en kinderen ieder zijns weegs gingen, maar bij het avondmaal waren zij allen weer verenigd en brachten verslag uit over hetgene zij gezien en medegemaakt hadden. Zij zaten buiten aan de gevel, praatten gemoedelijk onder elkander, luisterden naar de geluiden van de natuur en voelden zichzelf een deel van de natuur worden, terwijl de schemering viel en de eerste sterren aan de hemel kwamen.

— Ik dring niets op Erna, had hij tot zijn vrouw gezeid. Wenst gij met de twee oudsten naar het buiteland te gaan, doe het. Ik zou er niets aan hebben. Ik ben te moe om te reizen en zou liever te Schorisse uitrusten. Onze jongste kinderen zullen daar wel graag bij mij blijven. Als zij maar kunnen ravotten en spelen, hebben zij alles wat zij verlangen.

— Wij zullen allen bij u blijven.

— Dat hoeft toch niet!

— Ik zou ongerust over u zijn en dat zou alles vergallen. Wij gaan samen naar Schorisse.

Zodra het schoolverlof begonnen was, had hij hen aangezet om te vertrekken, om weg te zijn uit de broeierige hitte en het stof, waardoor het stadsleven in droge zomers een beproeving werd. Sedert eergisteren was hij alleen.

Hij had er hen toe aangezet, ook omdat het hem niet onaangenaam zou zijn enige dagen alleen achter te blijven, met een zaak die een dringende regeling behoefde. Hij wilde er zich aan wijden zonder voortdurend acht te moeten slaan op zichzelf. Als hij bedroefd en angstig was, had hij liever dat het voor zijn vrouw en kinderen niet merkbaar werd. Wat hem alleen aanging, wilde hij alleen doorstrijden.

De zonneschijn viel op zijn handen en maakte ze kleverig. Dat deed er hem naar kijken. Ze lagen nevens elkander op de vensterbank alsof ze hem niet meer toebehoorden. In zijn jonge jaren had hij sterke, gespierde handen gehad; nu waren zij beenderig en gerimpeld, met het runenschrift van het leven overdekt.

Toch heb ik een kalme loopbaan gehad, bedacht hij.

Geen avonturen. Nog zeventien jaar en ik ga op rust. Geen moeilijkheden in het vooruitzicht. Wat mij versleten heeft, is innerlijk geweest. Denken, voelen, verbeelden. Te innig bij de dingen betrokken zijn. Maar als dit nu achter de rug is, laat ik mij niet meer beïnvloeden.

Hij keerde terug naar zijn dossier en ging erbij zitten. In het glas dat zijn schrijftafel bedekte, zag hij even zijn gezicht weerspiegeld. Hij was er tevreden om dat er van zijn trekken vrede en genegenheid uitstraalde en terselfder tijd glimlachte hij om die tevredenheid, die een vorm van zelfingenomenheid was. Meteen nam hij de hoorn van zijn telefoontoestel op, draaide een nummer binnenshuis en gaf opdracht jongeheer Karel Soreyn bij hem te brengen.

2.

De maatschappelijke assistent, die reeds jaren met rechter Heysen samenwerkte, duwde Soreyn zachtjes naar binnen en trok de deur achter hem dicht. De jongen stond alleen, in een hoek van het bureau, uit de hoogte neerkijkend op de man die over zijn lot mocht beslissen. Die man hield zijn hoofd op zijn linkerarm gesteund en keek niet op.

Eigenlijk was hij bang om op te kijken, bevreesd voor de aanblik van de persoon die tegenover hem stond. Heysen geloofde in een opperste Wezen, waar alle bewustzijn van uitgegaan en met Wie het voortdurend verbonden was. Daarom prevelde hij binnensmonds een gebed om sterkte en licht. Laat mij toe de juiste woorden te treffen op de juiste toon, vroeg hij, zodat hij mag geholpen worden.

Toen richtte hij zijn hoofd op en zei:

— Ga zitten, alstublieft. Wij moeten eens rustig met elkander praten.

Soreyn gehoorzaamde, ongeveer als een hond die onder dwang handelt en zijn wantrouwen niet verbergt. Nu zouden natuurlijk de onaangename vragen, bedreigingen en verwijtingen elkander opvolgen. Maar hij zou zich niet van de wijs laten brengen en zich in geen geval laten vernederen door de erkenning dat hij fout was geweest. De vertegenwoordigers van het gezag hadden het recht niet de jeugd ter verantwoording te roepen, nadat zij haar doen opgroeien hadden in een wereld waar recht noch billijkheid heerste.

Verstard in zijn vijandige afweerhouding, zat de jongen bijna uitdagend, in voorgewende achteloosheid op zijn stoel. Heysen keek hem aan en dit keer bleven zijn blikken lang op hem rusten, alsof hij een foto vergeleek bij een beeld dat hij in zijn herinnering bewaarde.

Er was geen vergissing mogelijk.

Deze Karel Soreyn was wel degelijk, zoals hij het vermoed had, de zoon van Rosa Velting, het meisje dat vijfentwintig jaar geleden gedurende enige maanden alles voor hem geweest was, zodanig dat hij zich ongelukkig voelde als iemand die niets meer overhield, toen zij met hem afbrak. Hij moest nog een jaar studeren en een jaar soldaat zijn, een veel te lange tijd voor haar ongeduld. Zo verontschuldigde zij haar beslissing.

De ware reden was dat zij haar hart aan Stan Soreyn verloren had, zoon van een rijke vader en een sportmaniak, die er na tien jaar alles doorgedraaid en op zekere morgen vrouw en kinderen verlaten had, zonder sporen achter te laten. Er ging een verhaal over hem, dat hij in Zuid-Amerika terecht gekomen en daar in ellendige omstandigheden gestorven was. Nooddruftig en volledig aan lager wal.

— Hoe oud zijt ge nu?

Het leek een overbodige vraag, want Heysen had het antwoord onder zijn ogen liggen.

— Zeventien jaar en zes maanden.

— Waar hebt ge de laatste dagen doorgebracht?

De lippen van de jongen werden smalle strepen, scherp van minachting. Hij had in de gevangenis gezeten en de oude heer die het wist, hoefde er niet naar te vragen.

— Zijt ge daar niet ongelukkig geweest?

Karel bleef zwijgen, koppig, om te doen uitschijnen dat hij zich niet met mooie praatjies zou laten lijmen. Als de man achter de tafel zijn voorgewende grootmoedigheid niet op kon, omdat hij er zelf van genoot als van koek, zou hij hem laten betijen zonder een handje toe te steken.

De rechter stond op. Hij was het blijkbaar moe naar het gezicht van de donkere jongen te kijken. Zachtjes liep hij naar het raam en steunde met zijn handen op de vensterbank. Hij had de tijd. Over zijn schouder zei hij, zo gewoon alsof hij met een alledaagse bezoeker sprak:

— Als ge wilt roken, liggen er sigaretten en lucifers op mijn schrijftafel.

Soreyn nam een sigaret en stak op.

— Dat zou ik niet hebben gedaan, dacht de rechter.

Het benieuwde hem net nu het gezicht van de jongen te zien. Hij begreep dat het nog uitdagender was geworden.

— Hoe maakt uw moeder het?

Dit was een vraag die niet uit het dossier kwam. De stilte werd hoorbaar, alsof alle dingen die in de kamer

waren meeluisterden naar een antwoord dat op zich liet wachten.

— Ruim twintig jaar geleden heb ik haar gekend en later nog dikwijls aan haar gedacht. Misschien zou het goed zijn, als ik haar eindelijk eens ging opzoeken.

— Maar gij weet toch waar zij woont?

De opmerking was spontaan losgekomen. Want de jongen voelde zich bedreigd door een gevaar dat hij niet omschrijven kon en waartegen hij zich niet had gepantserd.

— Haar adres steekt in mijn map.

— Wat zoudt gij haar verkeerd willen doen?

De toon waarop de rechter zijn antwoord uitbracht, verraadde niet de minste aandoening.

— Ik zou eens met haar willen praten.

— Laat mijn moeder met rust!

— Misschien zal ik haar toch moeten ontmoeten. Want ik kan moeilijk over uw schuld oordelen, zolang ik niet met haar gesproken heb.

— Waarom kunt gij er haar niet buitenlaten?

— Omdat zij mede verantwoordelijk is. Omdat zij waarschijnlijk evenveel straf verdient als gij.

— Gij kent er niets van!

De rechter draaide zich om en kwam een paar passen nader bij de stoel waarop Soreyn plaats had genomen.

— Ik veronderstel dat zij het niet is die u geleerd heeft u op zulk een ongepaste manier uit te drukken. Is zij niet thuis bij haar kinderen, of kan zij haar kinderen niet thuis houden? Waartoe u dat gebracht heeft, weet ik uit de verslagen van de politie.

— Ge moogt mij verwijten wat ge wilt, maar van mijn moeder moet gij afblijven. Als ge u kondt inbeelden wat zij medegemaakt heeft, zoudt gij geen kwaad van haar denken.

— Dus is het helemaal alleen uw schuld, als ge u bij slechte kameraden aangesloten en met hen leren stelen hebt. Heeft uw moeder nooit iets gezien van het geld dat ge door diefstal in handen kreegt? Of heeft zij het zo maar aanvaard zonder te vragen waar gij het gehaald hadt?

— Ik heb toch ook gewerkt.

Heysen sloeg de blauwe map open die op zijn schrijftafel lag.

— Hier heb ik alle bijzonderheden. Luister maar of zij met de waarheid overeenstemmen.

Op 30 juni 1955 was Karel Soreyn voorgoed van de lagere school thuis gebleven. Van 10 juli tot 15 maart

daaropvolgend was hij loopjongen geweest bij een drukkerij.

— Waarom zijt ge daar weggegaan?

— Omdat mijn moeder verlangde dat ik een ambacht zou leren.

Op 20 maart 1956 was hij in dienst getreden bij een huisschilder. Daar had hij vierhonderd frank in de week verdiend.

— Hoeveel hebt gij daarvan voor uzelf mogen houden?

Had de rechter ook daar iets in te zien?

Het speet hem, verklaarde hij, dat zijn antwoord bevestigend moest zijn.

— Ik kreeg vijftig frank.

— Soms kreegt ge meer.

— Als er een bijzondere reden was.

— Dat hebt gij uw moeder wijsgemaakt en daarvoor moest gij u schamen. Ik ben eerst van plan geweest u zoveel mogelijk te sparen. Ik zal u ook zeggen waarom. Op mijn leeftijd wil ik geen geheimen meer hebben. Gij hadt mijn zoon kunnen zijn. Nu meen ik te begrijpen dat ge nooit van uw moeder gehouden hebt, dat ge alleen om uzelf bekommerd waart.

— Dat is niet waar.

— Luister of het niet waar is. Ik ga verder met de dokumenten. Op de 15e november 1956 hebt gij uw dienst verlaten, om kelner te worden. Toen waart ge amper zestien jaar. Kelner in welk een gelegenheid! Daar hebt ge gewerkt, zeer ongeregeld. In het begin van 1957 zijt ge als drummer tot een klein orkest toegetreden en van die tijd af, begint alles mis te lopen. Uw moeder meent dat ge hulpmagazijnier geworden zijt in een winkel in de Hoogstraat. Ge komt daar inderdaad, nu en dan, omdat ge met de zoon bevriend zijt. Maar verder duikt ge links en rechts in verdachte kringen op. Ge zijt muzikant, kelner, op zeker ogenblik zelfs verkoper van elektrische toestellen voor de huishouding.

— Daar heb ik toch een kontrakt voor gehad.

— Dat is zo. Ik heb hier een doorslag. Maar wat hebt gij ondertussen nog meer gedaan? Uw loon verbrast en omdat ge niet genoeg kondt verteren, hebt ge gestolen.

Tweekeer had de jongen een beweging gemaakt alsof hij zich wilde oprichten, maar de blik van de rechter, had hem gedwongen te blijven zitten en nu leek zijn veerkracht gebroken. Wat er uitdagends in zijn houding gelegen had, was verdwenen. Ineengezonken als iemand die bij drank is, drukte hij met zijn volle gewicht op zijn stoel.

— De derde maal zijt ge betrapt geworden. Toen de politie u onderhoorde, hebt ge toegegeven dat ge vroeger reeds tweekeer in onbewaakte auto's ingebroken hadt. Het lijkt mij onwaarschijnlijk dat gij het niet nog meer hebt gedaan! Uw kameraden zullen dat wel uitbrengen. Nu zijt ge zeventien en een half jaar. Geheel uw jeugd is verknoeid. Wat hebt gij uw moeder aangedaan en uw zusje, die pas veertien is, en op de drempel van het leven staat? Daarvoor moest gij u schamen.

— Ik heb mijn moeder iedere week geld gegeven.

— Daar hebben wij het. Vanwaar kwam het geld? Gij hebt haar bedrogen en zij hield van u; zij was verblind in u, omdat zij maar u had.

— Straf mij dan maar!

Hij zei het, weer met hartstocht. Of liever, zeggen was het niet. Hij stiet de klanken tegen het rif van zijn tanden, die nauwelijks een spleetje openlieten voor de ademstoot die zijn woorden droeg.

— Ge hoeft er niet om te vragen. Beeldt u niet in als wij het niet onmiddellijk doen, dat het uit zwakheid is. Op dit ogenblik werken tienduizenden jongens van uw leeftijd in de mijnen en fabrieken, waar zij zware arbeid verrichten. Zij hebben niet gestolen noch hun moeder bedrogen. Zij stellen zich niet aan zoals u het doet, nu gij laat uitschijnen dat het u niet kan schelen hoe de maatschappij over uw gedrag oordeelt. Zij vervullen hun plicht, vanzelf sprekend, omdat het een plicht is, en maken dat er een geregeld bestaan voor iedereen mogelijk is, terwijl gij vastbesloten zijt de vooruitgang tegen te werken, andere mensen kwaad te berokkenen en de gehele gemeenschap dwars te zitten. Waarom doet gij dat? Omdat gij u wilt verzetten tegen de wereld die uw vaders u nagelaten hebben? Omdat gij jong zijt en schoonschip wilt maken met alle dwaasheid en onrecht? Dat beweert ge — maar het is gelogen en ge beseft dat ge liegt. Het is niet anders dan zelfzucht en lafheid die u leiden; de vrees om van uw lichaam en geest een inspanning te moeten vragen. Als gij u ingebeeld hebt, dat ik zou getracht hebben u met zoete woordjes tot inkeer te brengen, hadt ge dat verkeerd voor.

Hij zou op die manier nog verder kunnen gaan. Hij sprak rustig, zonder zich op te winden, maar met de beslistheid van een man die wist wat hij wilde en recht op zijn doel afging.

Maar het gerinkel van de telefoon onderbrak hem en aan het andere eind van de draad was er een stem die hem mededeelde dat de auto voorgereden was.

— Wij komen, zei hij.

Soreyn stond op van zijn stoel, gelaten wederom en met een trek van vermoeidheid over zijn gezicht. Sedert zijn aanhouding, drie dagen geleden, was er waarschijnlijk te veel van zijn zenuwen gevergd geworden.

— Wij gaan naar uw moeder, zei de rechter.

Ineens werden Karels ogen groter en vochtiger, als onder een begin van lijden en angst.

— Mijnheer, laat mij hier blijven, smeekte hij. Ik vraag het om haar en niet om mijzelf. Het zal haar zo bedroefd maken en de mensen die in hetzelfde huis wonen en ons zien, zullen leedvermaak om haar hebben.

Hij voelde aan dat Heysen aarzelde.

— Omdat ik in fout ben, moet zij toch niet boeten. Ga alstublieft alleen met haar spreken.

— Wat moet er dan met u gebeuren?

— Ik kan terugkeren naar de cel.

Heysen liet zich beïnvloeden. Ook hij werd ontroerd en aarzelde. Was het nodig als hij na zoveel jaren Rosa weer zag, dat het was om haar te bedroeven? Had hij niet bereikt wat hij zich ten doel gesteld had: de korst van eigendunk en verdwazing rond het hart van de jongen wegbreken en hem aan zichzelf terugschenken?

— Ik zal doen wat gij vraagt, besloot hij ineens. Moet ik iets aan uw moeder zeggen?

3.

Hij deed de chauffeur stoppen op de hoek van de straat waar Rosa woonde.

— Wilt ge hier wachten? Ten langste zal ik anderhalf uur wegblijven.

Hij liep verder te voet, heel en al aandacht voor de omgeving waarin hij zich bevond. Hoewel op enige honderden meters van het stadscentrum gelegen, was dit een stille en door die stilte bijna geheimzinnige wijk. De huizen stonden hoog en zwijgend tegen elkander geleund, met gesloten deuren en vensters waarachter geen beweging te bespeuren was. De mensen die er hun verblijfplaats hielden, kwamen er wellicht alleen om te slapen of waren oude lieden, die nog een tijd ademden en zich voedden, maar verder geen deel aan het leven meer hadden.

Nummer 87, daar was het. Bezijden de verveloze deur waren drie belknoppen, boven één naamkaartje en twee strookjes bezoedeld papier met namen aangebracht. Rosa Soreyn woonde op de tweede verdieping. Het naamkaartje was van haar. De deur ging automatisch open, toen hij op de belknop had geduwd. Een steile trap met een versleten

loper lag voor hem. Hij besteeg haar langzaam en ofschoon hij de indruk had dat nieuwsgierige ogen hem bespiedden, was er niemand te zien of geen menselijk geluid te vernemen. Nadat hij aangeklopt had, ging hij onmiddellijk binnen. Hij kwam in een zitkamer, in schemerlicht gehuld, waar Rosa op hem stond te wachten. Hij drukte haar hand en zij vroeg hem te gaan zitten in een zetel bij een laag tafeltje, waarop rookgerief lag.

— Zijt gij alleen? vroeg zij.

Hij hoorde de ontgoocheling in haar stem en haaste zich te verklaren dat Karel zelf gevraagd had om hem niet te hoeven vergezellen.

Zij stak een sigaret op, nadat hij niet ingegaan was op haar verzoek te roken en wachtte op wat hij zeggen zou.

— Ik heb mij nooit voorgesteld dat wij elkander op deze manier terug zouden zien. Het spijt mij dat ik u onaangenaam moet zijn. Ik had het liever anders gewild.

— Is het zo erg? wierp zij op.

— Gij kent de feiten.

Dat zijn woorden haar kwetsten bleef achter het masker van haar gezicht verborgen. Ook hield zij haar blikken afgewend. Maar haar handen konden niet rustig blijven. Zij waren als onvolwassen vogels, die trachten op te vliegen en niet weg konden van haar schoot.

Hij dacht aan Schorisse, aan houtduiven kringend boven het bos, aan waterhoenders, drijvend op de waterplas.

— U hebt mij niet begrepen, hernam zij, overgaande naar de beleefdheidsvorm van het persoonlijke voornaamwoord. Ik bedoel dat Karel niet alleen schuldig is. In wat een tijd is hij opgegroeid . . . !

— Verontschudig mij dat ik u onderbreek. Alle tijden zijn moeilijk geweest. De tijd is voor iedereen dezelfde. Het komt op wilskracht en zelfbeheersing aan.

— De omstandigheden zijn niet voor iedereen dezelfde. Het lijkt me zo gemakkelijk veeleisend te zijn als men zelf veel gekregen heeft. Weet u wat het betekent als een jongen geen vader heeft en een moeder die uit nood — begrijpt u mij goed? — die uit nood verplicht is tot het leven dat het mijne is geweest? Dat heeft hij niet gewild.

— Waarom hebt u het niet anders gedaan?

— Ik vrees, zei ze ineens, en nu ontweken haar ogen de zijne niet meer, dat er tussen ons een misverstand heerst en u mij nooit vergeven hebt.

— Vergeven? Dat verleden lag zo diep in mij begraven dat ik er nog zelden aan dacht, en altijd zonder pijn, tot het ogenblik dat mij het dossier over uw zoon werd toe-

vertrouwd. Toen is het weer levend geworden. U hebt schuld aan het ongeluk van uw zoon. U hebt hem geen thuis gegeven, geen schuiloord waar hij zich terugtrekken kon in een normaal bestaan en hem de bezieling geschonken werd, die een jongen niet kan missen om man te worden. Wat hij hier niet vond, heeft hij elders gezocht. U weet wat ervan terecht gekomen is. Uw dochtertje zal dezelfde weg opgaan. Eéns zullen zij u dat verwijten.

— Waarom zijt u zo wreed?

Zij rookte niet meer. Zij boog haar hoofd en haar handen sloten zich om de leuningen van haar zetel, als de handen van iemand die van een brug in het water neerkijkt en, duizelig, naar een houvast grijpt.

— Ik zeg alleen de waarheid. Ik zou uw zoon er bovenop willen helpen en meteen voorkomen dat uw meisje het verkeerde pad opgaat. Breek af met het leven waarvan u thans het slachtoffer zijt en word een moeder voor uw kinderen.

Zij verdedigde zich. Had zij niet alles gedaan om hun geluk? Zij zou hen evengoed als haar man kunnen verlaten hebben. Nu had zij haar leven verknoeid, door zelfs haar goede naam op te offeren, om hun voedsel, kleren en een dak boven het hoofd te verschaffen.

— Meent u werkelijk dat ik het zonder strijd en tegenzin heb gekund? Nu ben ik het gewoon geworden en kan ik erover spreken zonder mij vernederd te gevoelen. Had er mij toen iemand geholpen, ik zou thans niet moeten vragen wat ik anders kan aanvangen om ons bestaan te verdienen.

— Word desnoods schoonmaakster. Of ga op een buitendorp wonen. Richt er een winkeltje op. Het leven is er goedkoop en als u er met weinig tevreden kunt zijn, schenkt het u alles wat u in de stad niet gevonden hebt: de mogelijkheid om u met uw kinderen bezig te houden en een eenvoudig rustig geluk. Deze omgeving is voor u niet geschikt.

Zij antwoordde niet. Wat haar voorgespiegeld werd was zo nieuw dat het helemaal buiten haar gezichtskring lag. Het was niet zo gemakkelijk om op haar leeftijd opnieuw te beginnen. Waarom zou zij het moeten beproeven? Zij was van de noodzaak niet overtuigd en het leek haar zwaar afstand te doen van de wereld waarin zij totnogtoe stand had kunnen houden.

Eindelijk maakte zij een opwerping:

— Waarom . . .

— Het is het enige middel om Karel te redden. Normaal zou ik hem tot zijn eenentwintigste jaar naar een rijks-

opvoedingsgesticht moeten zenden. Zou hij er uitkomen met een gevormde persoonlijkheid, gereed op het leven, zodat hij een gewoon mens onder de mensen kan worden? Ik vrees ervoor en daarom zou ik hem liever in een jongenstehuis plaatsen. Eén of twee jaar misschien, tot u de tijd gehad hebt om een werkkring in een andere omgeving te vinden. Dan zal hij niet opnieuw door zijn vroegere kameraden aangehaald en door de omstandigheden zelf medegesleept worden. De beslissing hangt van u af.

Zij zat stom voor zich uit te kijken, dooreengeschud, aarzelend en bedroefd.

— Denk erover na, besloot de rechter. Meer kan ik thans niet verlangen. Maar onthoud in ieder geval, als u, uit zelfzucht of zwakheid, deze kans voorbij laat gaan, dat uw kinderen er de slachtoffers van zullen zijn.

— Tel ik dan niet meer mede?

— Neen, zei hij. Op onze leeftijd moeten wij meer voor onze kinderen leven dan voor onszelf.

Heysen stond op. Hij hield zijn handen op zijn rug en keek op haar neer. Hij rook het parfum dat zij gebruikte en ineens drong het besef tot hem door dat hij zich voor een verloren zaak had ingespannen. Zij zou niet de moed opbrengen om een andere levenswijze aan te nemen. Er zou geen thuis zijn voor haar kinderen, maar een ledige woning waar zij zich verveelden. Zij zou wel van hen houden, maar met een liefde die boven de werkelijkheid uitzweefde, zodat zij er niets aan hadden en er zich per slot van rekening door gehinderd voelden, omdat het een aandrift gold die niet bij hun leeftijd paste.

— Wat zal er nu met Karel gebeuren?

— Hij gaat naar een jongenstehuis, zolang tot u hem een eigen thuis zult bezorgen. Dat heb ik reeds gezeid.

— Ik zou graag eens met hom spreken. Kan dat?

Even aarzelde de rechter, vertederd door de liefde die hij zijn eigen kinderen toedroeg. Doch het volgende ogenblik zag hij duidelijk wat hem te doen stond en hij antwoordde:

— Zodra hij zich enigszins bij zijn nieuwe omgeving aangepast heeft, zult u hem kunnen bezoeken. Ik zal daartoe de toelating geven.

— Maar nu? drong zij aan.

— Nu gaat het niet.

Ook zij was opgestaan en haar blik in de zijne, de blik van een vernederde die zijn trots niet afgelegd heeft en minachtend oordeelt over de overmacht waardoor hij overwonnen werd, sprak zij de bedenking uit die reeds de gehele

tijd van hun onderhoud in haar bewustzijn gelegen had:

— Nu hebt u zich gewroken.

Hij begon zachtjes te lachen.

— Dit woord heb ik voorzien. Ik had de zaak van uw zoon aan een collega kunnen overlaten. Als ik het niet gedaan heb, was het uit bezorgdheid om zijn geluk. Ik zou niet graag hebben dat hij een misdadiger wordt. Ik zou niet graag hebben dat uw leven in eenzaamheid en armoede eindigt. Ik ben niet gelukkig als er mensen die ik ken ongelukkig zijn.

Nu had hij niets meer te zeggen. Zij konden van elkander afscheid nemen.

4.

Twee dagen later reed Hendrik Heysen met Jan Soreyn aan zijn zijde naar het dorpje Ongen, naar het tehuis waar hij de jongen wenste opgenomen te zien. Zij waren alleen in de wagen, want de rechter stuurde zelf. Zolang hij de auto door het stadsverkeer moest loodsen, had hij liever niet te spreken om niet afgeleid te worden van een bezigheid die al zijn aandacht en behendigheid opeiste. Maar eens dat zij de hoogte van Koekelberg achter zich gelaten en de autostrade naar het westen van het land bereikt hadden, ontspanden zich zijn trekken en met een schuine blik op zijn medereiziger zei hij tot hem:

— Ik hoop dat ge iets aan ons uitstapje zult hebben.

Heysen was geen dolle rijder. Tachtig kilometer per uur vond hij een behoorlijke snelheid, vooral op zulk een schone zomerdag, wanneer het landschap in volle masjesteit van licht en kleur een onvergetelijke aanblik bood. Zij reden langs tarwe- en aardappelakkers, boomgaarden, waar de kersebomen vol rijpe vruchten hingen en weiden, waarin het gras te drogen lag. De lucht was van de fijne geur van het verse hooi vervuld. Toen kwamen zij in een streek met bossen en kasteelparken, waartussen witte boerderijen en landelijke woningen verborgen lagen, als waren zij er opzettelijk neergezet om het geheel nog schilderachtiger te maken.

De jongen genoot. Zover hij zich herinnerde had hij nooit meer dan een paar keren de hoofdstad verlaten. Dan nog voor een treinreis naar de kust, in het gezelschap van zijn moeder en zijn zusje, en daar waren zij in zulkdanige mensendrommen terechtgekomen dat het geen verschil uitmaakte of zij te Oostende op het strand of te Brussel langs de Nieuwstraat wandelden.

— Hier moeten wij de grote weg verlaten. Nog tien kilometer en wij hebben ons doel bereikt. Ik stel evenwel voor, dat wij eerste een glas bier zouden drinken.

Aan de smallere zijweg, er door een grasveld met perken rode rozen van gescheiden, lag een laaggebouwd koffiehuis, dat blijkbaar een verzamelplaats voor de dorstige wandelaars was, die in de bossen uit de omtrek wat ontspanning kwamen zoeken.

Talrijke tafeltjes op het terras waren door verbruikers van verschillende leeftijd bezet, die eerst met verstrooide en daarna met meer belangstellende blik, de nieuwe bezoekers opnamen. Een vader met zijn zoon, moesten zij zich inbeelden. De rechter glimlachte. Er was geen reden om zich te schamen over Soreyn, die blijkbaar wist hoe zich in een goed gezelschap te gedragen.

Terwijl zij genoten van het koele bier, was er een vrouw die schuin tegenover hen zat en Karel bestendig in het oog hield. Op zeker ogenblik stiet zij schijnbaar achteloos haar handtasje van het tafeltje waarop zij het neergelegd had. Onmiddellijk schoot Soreyn toe om het op te rapen en het haar, al beminnelijke dienstvaardigheid, te overhandigen. Dit werd de aanleiding tot een gesprek, waar de rechter een onaangename indruk van onderging. Hij hield niet van een kennismaking die onder zulke omstandigheden werd aangeknoopt; hij hield er vooral niet van, dat de jongen die hij onder zijn bescherming genomen had geen groter terughoudendheid in acht nam. In de toestand waarin hij zich bevond, had hij van meer bescheidenheid blijk moeten geven. Wist hij nog wel waaraan hij zich schuldig gemaakt had en welke straf erop stond? Als de bezorgdheid om zijn geluk niet zwaarder woog dan de zorg om een normaal geval op een normale manier op te lossen, zou hij niet als zoon van goeden huize op het terras van een koffiehuis zitten, maar als kostganger van een wederopvoedingsgesticht onder dwang en bewaking staan.

— Wij moeten gaan, zei Heysen. De directeur van „Jongensheem" verwacht ons tegen vier uur.

Karel ging mede zonder een teken van ongeduld. Toen zij bij de auto kwamen, hield hij de deur open om het de rechter gemakkelijk te maken; maar terzelfder tijd keek hij over zijn schouder terug naar het terras, waar de vrouw met wie hij kennis had gemaakte hem ten afscheid toewuifde.

Toen zij een paar minuten gereden hadden, vroeg de rechter ineens, zonder enige toespeling op wat er in het koffiehuis was gebeurd:

— Hebt ge nog ooit verdriet gehad?

— Het is nutteloos verdriet te maken.

5

De directeur van „Jongensheem" ontving hen als oude vrienden. Hij kende rechter Heysen sedert jaren, gewoon met hem samen te werken, doordat hij voortdurend van zijn beschermelingen in zijn instelling had. Zo stonden zij geregeld met elkander in betrekking en ten minste tweekeer per jaar kwamen zij bijeen, hetzij te Brussel waar zij samen gingen eten, hetzij te Ongen, waar Heysen zijn jongens kwam opzoeken, om met hen over hun toekomst van gedachten te wisselen.

De directeur was even hartelijk met Karel Soreyn, die hij nooit gezien had, maar over wie hij voldoende ingelicht was om geen onaangename vragen te hoeven stellen.

Hij leidde zijn bezoekers rond door de verschillende paviljoenen, die als evenvele gezinswoningen ingericht waren. Bijna alle jongens waren afwezig, de meesten naar school en enigen naar hun werk. Tegen zes uur zouden zij weer thuis zijn voor het avondeten dat in ieder gezin afzonderlijk plaats had, onder de leiding van een man die zich volledig aan het opvoedingswerk gewijd had en „vader" geheten werd.

Iedere bewoner had zijn kamertje, dat hij naar eigen smaak inrichten mocht en waarin hij zich terugtrekken kon als hij het wenste. De directeur vertelde verder dat zijn jongens 's zondags de toelating kregen om uit te gaan en daar, net als zij het in hun huis zouden hebben gedaan, ook gebruik van maakten. Zij woonden een wielerwedstrijd of een voetbalmatch bij, vierden de kermissen op de dorpen in de omtrek mede en sommigen onder de oudsten hadden verkering en brachten een bezoek aan hun meisje. Alleen werd van allen gevraagd, zoals dat ook door hun ouders gevraagd werd of had moeten gedaan worden, dat zij tegen een bepaald uur in het tehuis terug zouden zijn.

— Ik ben ervan overtuigd, zei de directeur, dat het u zal bevallen. Als ge hier een paar weken zijt, zullen wij trachten uit te maken welk ambacht of beroep ge best zoudt leren, om later een fatsoenlijke broodwinning te hebben. Ge zijt zeker niet te oud om naar een technische school te gaan. Misschien zou edelsmeedkunst het geschikte voor u zijn.

Nadat zij drie paviljoenen bezichtigd hadden, keerden zij door het park en de moestuin naar het bureau van de directeur terug.

— Sommigen houden wel van tuinieren, zei hij. Hier hebben ze ieder een stuk grond waarop zij groenten en bloemen kunnen telen. Ze maken er geld van, want ze

verkopen hun opbrengst aan de keuken, natuurlijk (en hij glimlachte eens) tegen een genadige prijs.

Wat Soreyn te zien en te horen kreeg boeide hem wel, maar niet zodanig dat hij er geestdriftig bij werd. Dit was toch maar een tehuis op het platteland, een soort boerderij, waar de bewoners met weinig tevreden waren. Hij zou, als hij naar hier gezonden werd, zich niet ingebeeld tonen, maar onvermijdelijk zou hij zich de meerdere van zijn kameraden voelen, doordat hij meer van de wereld kende dan zij. Hij zou er niet over spreken, maar wat hij medegemaakt had, zou hem de zekerheid schenken dat hij boven hen stond.

Alsof de directeur kon raden wat Karel dacht, nam hij het gesprek weer op en zei:

— Gij kunt niet geloven vanwaar de jongens komen die ik hier heb. Er is een onvervalste Parijzenaar bij, die alleen op de wereld staat en door heel West-Europa heeft gezworven.

— Hoe is dat mogelijk?

Soreyn had werkelijk de vraag gesteld, hoewel hij eerst besloten had niet te laten blijken dat hij van wat dan ook onder de indruk gekomen was.

— Met een cirkus. Hij heeft hier goed Nederlands geleerd en is hovenier geworden. Sedert enige maanden is hij in kennis; ik hoop en verwacht dat het een bruiloft wordt.

Nu zij hun rondgang gedaan hadden, werd een zakelijke regeling besproken. De directeur was gaarne bereid Karel in zijn tehuis op te nemen, maar dat kon eerst veertien dagen later.

— Nu zijn alle paviljoenen bezet, tot op 20 juli een van mijn jongens naar het leger moet. Dan kan Karel komen.

6

Dat maakte de zaak zeer moeilijk voor Hendrik Heysen. Toen zij van „Jongensheem" wegreden, bleef hij een gehele tijd zwijgen en schijnbaar ingespannen zijn blikken op de weg gericht houden, alsof al zijn aandacht erbij vereist werd. Soreyn liet zich echter niet misleiden; zoveel aanvoelen van de mensen had hij wel, dat hij begreep waaraan die afgetrokkenheid te wijten was.

De rechter had zorg om een moeilijkheid, waarvoor hij de beste oplossing niet vond. Zij waren reeds aan het koffiehuis in de bossen voorbij en de oprit naar de autostrade ingeslagen, toen hij de stilte verbrak:

— Wat denkt ge? vroeg hij. Zult gij op „Jongensheem" gelukkig kunnen zijn?

— Zouden moeder en mijn zusje mij mogen bezoeken?

— Na drie maanden kan het, als gij geen reden tot klagen geeft.

— En zou ik soms met verlof naar huis mogen gaan?

De rechter keek hem even aan en stelde vast dat de jogen zodanig zijn gezichtsuitdrukking beheerste, dat er over zijn gedachten niets uit te maken viel.

— Dat is niet zo eenvoudig. Zolang uw moeder blijft waar zij nu woont, zult ge geduld moeten hebben. Er is evenwel veel kans op dat zij de stad zal verlaten en dan is er geen bezwaar tegen dat gij drie- of viermaal in het jaar voor enige dagen naar huis gaat. Wel integendeel.

— Zou moeder niet te Brussel blijven?

Nu klonk er duidelijke verrassing door in zijn stem.

— Voor uw aller geluk zou het beter zijn, indien zij elders een betrekking kon vinden.

Heysen voelde er niets voor om te verzwijgen wat hij dacht, omdat hij geloofde dat boosheid een vorm van onverstand was. Wie over alle gegevens beschikte die tot het uitbrengen van een gezond oordeel onmisbaar waren, zou dit volgens hem ook doen, als hij niet het slachtoffer werd van een plotseling oplaaiende drift.

— Op het ogenblik denk ik aan een andere, veel dringender zaak. Het moet nog veertien dagen duren voor in „Jongensheem" een plaats voor u vrijkomt. Ik mag u niet in vrijheid doen stellen en als ik het mocht, zou ik het ten andere niet voor mezelf kunnen verantwoorden. Daarentegen zou ik ook niet graag hebben dat gij nog zo lang in de gevangenis moet blijven. Gevangenissen zijn alleen goed voor misdadigers, die een onmiddellijk gevaar voor de maatschappij opleveren. De mensen die spijt hebben van een misstap en daardoor een betere toekomst voor zich hebben, worden verbitterd en verliezen hun goede voornemens als ze opgesloten worden. In uw geval blijft er maar één uitweg open. Ik zou u voor veertien dagen bij mij moeten nemen. Dat kan echter niet in mijn flat op de Louizalaan, omdat ik er thans alleen ben. Mijn gehele gezin is reeds met verlof naar een landgoed dat wij in Zuid-Oostvlaanderen bezitten. Ik kan u daar tot zolang gastvrijheid aanbieden, indien gij ermede akkoord gaat. Wat dunkt u? Zal ik mijn vrouw opbellen om dat te regelen?

Soreyn antwoordde na enige sekonden met een vraag:

— Mag ik niet naar huis terugkeren, tot ik naar „Jongensheem" kan gaan?

— Dat is uitgesloten.

Wat zal hij nu antwoorden? vroeg de rechter zich af.

Zal hij weigeren naar Schorisse te gaan, als hij denkt aan de last die hij moet veroorzaken? Zal hij niet voorstellen in de gevangenis te blijven? Als hij dit doet, heb ik vertrouwen in hem, want dan blijkt dat hij eergevoel heeft.

Inplaats van die bedenking te maken, had Karel een ander bezwaar:

— Zal ik het daar gewoon kunnen worden?

— Ik heb een zoon die slechts enige maanden ouder is dan gij. Hij zal u de streek leren kennen. Gij kunt zwemmen en vissen, lezen, naar de televisie kijken en tussenin wat tuinarbied verrichten als ge wilt. Over vier dagen kan ik Brussel verlaten en kom ik mij bij u allen voegen.

— Ja, zei hij.

De avond naderde. De stralen van de zon, die reeds achter de hoogste bomen neergezakt was, streken bijna horizontaal langs de grond. Op sommige plaatsen sneed de auto door een bundel gouden staven. Het was ongelooflijk mooi en toch voelde Heysen zich niet bevredigd. In de verte doemde reeds de bronsgroene koepel van het gerechtshof op en hij had de indruk van een mislukte dag.

— Heb ik het verkeerd aangepakt? vroeg hij zich af. Waarom die weemoed?

7

Vier dagen later, stond hij 's ochtends in de zitkamer van zijn flat, gereed om naar beneden te gaan, om in een eethuis om de hoek van de straat zijn ontbijt te nemen. Daarna had hij nog een paar uren werk op zijn kantoor in het gerechtshof. Na de lunch zou hij naar Schorisse vertrekken.

Een klop op de deur kondigde het bezoek van de huisbewaarder aan. Zoals iedere morgen bracht hij de post voor de rechter naar boven. Hij kreeg daar een kleine vergoeding voor, die hij gretig aanvaarde, en was zeer in zijn schik als het trof dat Heysen zelf voor hem opende en een praatje sloeg.

Deze morgen was er niet veel: de kranten, een tijdschrift en een prentbriefkaart uit Denemarken, hem toegestuurd door een vriend-journalist die naar Skandinavië op studiereis was. Hij stak alles in de binnenzak van zijn jasje en stond op het punt naar de lift te gaan, toen er opgebeld werd.

Hij herkende onmiddellijk de stem van zijn vrouw.

— Is er iets gebeurd? vroeg hij geschrokken.

— Alleen maar dat de jongeheer die bij ons logeerde vertrokken is.

Hij hoorde dat zij er niet diep van onder de indruk was en zag haar in zijn verbeelding, zoals zij ongetwyfeld bij het toestel stond, met een lachende trek op haar gezicht. Na twintig jaar huwelijk had het guitige meisje dat zij eens was alle aanvallen van verzuring overleefd.

— Hoe kan het? vroeg hij.

Toen kreeg hij het bondige verslag.

Deze morgen bleek dat de kamer van mijnheer Soreyn („mijnheer" zei ze een tikje plagend) ledig was. Hij had al zijn bezittingen medegenomen en ondertussen was de meid tot de ontdekking gekomen dat het huishoudgeld uit de keukenlade waarin het gewoonlijk lag, eveneens verdwenen was. Waarschijnlijk was de jongeheer 's nachts zo maar weggewandeld, nadat hij zich tegen de onkosten van zijn reis een beetje had verzekerd.

— Hoeveel heeft hij zich toegeëigend? vroeg de rechter, die het woord „gestolen" over zijn lippen niet kreeg.

— Twaalfhonderd frank ongeveer. Het spijt mij dat ik u met deze vervelende geschiedenis lastig moet vallen.

— Gelukkig voor mij, stelde hij vast, dat ge mij kunt bereiken. Ik was van plan na de middag naar Schorisse te komen. Nu zal ik eerste de politie op de hoogte moeten brengen en slechts later kunnen vertrekken. Toch hoop ik nog vóór de avond bij u te zijn.

Nu hij ingehaakt had, stond hij even roerloos voor het wijde raam. Hij keek neer op de kruinen van de reusachtige bomen langs de laan en ineens bekroop hem een zonderling verlangen. Het was nutteloos wat ge voor de mensen deedt, als ge meer dan het mogelijke wilde bereiken. De mensen moesten hun tijd hebben om te groeien, zoals planten en dieren. Over tienduizenden, misschien over miljoenen jaren, zouden zij hun volledige wasdom halen.

Hij nam een kleine liefhebbersfoto die sedert onheuglijke tijden in zijn brieventas was blijven steken en scheurde ze in kleine stukjes. Hoe kon het dat hij ze bewaard had totnogtoe? Wie met een konservatieve aanleg geboren wordt, is altijd geneigd om verzamelingen aan te leggen.

Hij had Karel een slechte dienst bewezen. Nog even hield hij de snippertjes van de foto in zijn linker handpalm, alsof het iets was dat hij wilde koesteren en verwarmen. Daarna opende hij het venster en wierp ze naar buiten. Ze dwarrelden zachtjes naar beneden, want er was geen wind, als witte bloembladen, als duivendons, als vlokken sneeuw.

BAREND J. TOERIEN:

'n Liggaam in 'n Ambulans

'n Liggaam in 'n ambulans —
Onheil kan so skielik kom
soos op 'n dak die weerligdans,
die staalstad steier deur één bom,
so onverwags. 'n Liggaam in 'n ambulans
en doodsbleek soos 'n bloekomstomp.
Vanoggend by die straathoek waar
ek oudergewoonte gaan brekfis
kom daar 'n skreeuende sireen,
word vir my skokkend opgedis
'n liggaam in 'n ambulans
stukkend en wat doodstil is.

Sterrekundig

Die aarde vanaf Mars
is onbenullig klein
soos agter 'n veraf venster
die flikkering van 'n kers;
'n enkel druppel dou
sal duideliker glinster.
En U God-in-die-hoë
is verder nog as Mars
en moet so baie sfere
aan gang hou en onder oë;
is ons ooit vir U sigbaar
geheelenal, Aartshere?

Oompie Org Getroud

In pestyd en in oorlogstyd
hou sy haar arms angstig wyd
oor haar kind gesprei, blameer sy my
met oë donker van verwyt.
Maar as dinge mooi verloop,
daar geld is om blink goed te koop
is ek haar man en sprei sy wyd
haar arms soos blomblare vir my oop.

Met die Nuwejaar

(ERICH KÄSTNER)

„Gaan dit beter? Of slegter?"
vra hulle jaarliks.
Laat ons eerlik wees egter:
die lewe is immer
iets lewensgevaarliks.

'n Watteau

In 'n skoppelmaai
'n meisietjie swaai
op, en haar rok waai terug, haar hare
soos seewier drywe op vywerwater.
Onder die bloeiende
ligtende peerboom
bewend van bye,
en oor die gras wapper
blomme, skoenlappers. O
lentelike prent.
'n Meisietjie swaai
op, en haar rok waai terug, haar hare
soos seewier drywe op vywerwater.

'n Embleem

Valke kan mens moeilik ignoreer. Wie kan vergeet
die verdoemenis-skielike, die wraakengel gestort
en dan die op! op! tot waar die sonlig bloute word —
Die vurige voël het my verbeelding beet.
Die valk! Die valk dan, ou alleenvlieër
sal op my vlag geverf wees, my simbool;
want soos ek teen kwetsure ongeskool
bly, en kontak soek, en liefde die bedrieër
jammerlik naloop is ek wyd en syd verspil.
Dog te grootsprakig is dit om my as 'n valk
te sien, in eensaam kruisiging gespalk;
dit wat ek met my ronddra wat geen vesels wil
toesluit is iets beskamends; dit is meer
'n ewigdurende knaging, 'n holte, 'n oop seer.

Sneeuskap Queens L.I.

Almal verlang na hul jeugland, na die wêreld waar
dit veilig was, dink ek toe die maanbrokkige ster
uitwaai met 'n windverwilderde maan; en paai my hart:
Die sterk man staan apart.
Almal wil terugkruip in die moederskoot en dieper delwe
soos wortels af in aarde en bly soebat vir die salwe
van haar handige en liefdevolle hand. Huil dus, ek verstaan.
Jy kan nie teruggaan.

Sag my Kind

Sag my kind jou sagte kop
roer slaap-lomerig in my arms,
klop jou hart teen myne, maak
verbintenis met my verlange.
Sag streel ek jou sagte kop.
Oor die sterre het ons geen
houvas; die patrone wat
hul sorgvry spin beheer ons gang,
hul sif ons ongevoelig uit
niks hou ons vas, niks wil ons vang.

Digters Is

Digters is verdigters en verdoeselaars wat hou
van hul gevoelens skaamteloos,
wat roekeloos van molshope 'n bergreeks maak
en hul kwetsure koester op die mou.
En hul wat lees, die arme sondaars, mis
hul ooit 'n eie openbare bieg, die lug
van moeilikhede? Die teeparty, die telefoon
voldoen; dit maak oorbodig hul wat digters is.

Rysmiere

Die reën het ons die dag verras;
en toe, meteens teen sononder
borrel rysmiere uit die gras,
o, wonder.
Lank sal dit ons gedagtes hinder,
die fladdering van vlerke, sag;
— ontliggaamde wit hande
wat vlug uit graftes van die nag.

JAC. J. BRITS:

Bly Jy by My

Bly jy by my,
Wanneer die wye skemering daal,
En ek gebroke rus in God se suiwer skaal.
Ly saam met my,
In hierdie hel van vrees en pyn,
Verlos my van die godswil en die holle skyn!
Kniel saam met my,
Ook as die Donker Uur genaak,
En ek die voorwerp word van God se bitter wraak!

Waar sal ek Gaan?

Waar sal ons gaan, o God,
Wanneer die aarde eis wat syne is,
En dit wat wete was in bleek herinnerings rus?
Waar sal ons heengaan, Heer?
Hoe kan ons seker weet, o Dood,
Dat in jou donker skoot ons rus sal vind?
En sag sal slaap, tevrede soos 'n kind?
Hoe kan ons weet, o Dood?
Waar sal ek vlug, o Heer?
As ek, ontbloot van alle wil en waan,
Verslae in U naakte oordeel staan?
Waar sal ek vlug, o Heer?
Hoe kan ek, God, hoe kan ek glo?
Dat in U lig die Lig gedy,
As U, U aangesig verberg vir my?
Hoe kan ek glo, o Heer?

Maak My

Maak my, o God, die suiwer saad wat vrugbaar
In die aarde val. En laat my sterf, o Heer!
Wond U my gees, breek weg die waan:
Dat ek die waarheid in U lig kan leer!
Maak my, o Heer, 'n kind in gees,
Dat ek die skamel wil en wens,
Van net maar mens, 'n niks te wees —
Kan uitleef bó my enge grens!

Afskeid

Daar was jou swanger woorde en die blink herinnering,
Die opstand in my hart en om jou mond,
Die somber smarte van 'n rou en ope wond!
Daar was die herberglose heimwee van 'n laaste uur,
Die wilde wense en die vae vraag . . .
My siel en joune durf geen antwoord waag!
Daar was die lewelose leegheid en die vlam van pyn . . .
En God wat oor my siel die droewe wete slaan,
Dat ook jou beeld die duisternis vir ewig binnegaan . . .

U Alleen!

Ek wil U sien, o Heer!
Ek wil my vingers in U wonde steek,
En saam met Thomas ween . . .
En weet dis U,
Ja, U alleen!
Ek wil U stem as suising
in die herfswind hoor. En as U met my spreek,
En oor my weemoed ween . . .
Weet ek dis U,
En U alleen . . .

Ek Het Gesmeek . . .

Ek het gesmeek dat U my klein en swak moet maak,
Dat in U oë ek die hoogste sterre raak!
Soos Esau wou ek ook my reg verbeur,
Om dan genade van U siel te skeur!
Ek wou die Judas wees wat deur verraad,
Die voorwerp word van haat en smaad,
En voor die môreskemering rys,
wou ek my lewe van U hande eis!
Ek wou my oë sluit in blinde waan,
Dat U genade nie vir my bestaan,
Dat in die uur van bitter nood,
Vir my geen rus is in U skoot!
Só wou ek opstyg na die sterre, God,
En meely vra vir my erbarmlik lot!
Ek moes U loën, verraai, o Heer,
Sodat U aangesig na my kon keer . . .

ANDRÊ P. BRINK:

Vertroosting van die Troostelose

Toe hy agter die bosse uitkom, by die groot rotsblok bokant sy stil waterpoel, gewaar hy haar.

'n Snaakse opwinding vloei deur hom; want hy het haar oombliklik herken. Sý, Cynthia, wat naak daar in sy swemplek gulpig soos 'n vis deur die koel water gly.

Hy koes agter die rotsblok in. Vandag is die dag, ja. Nou het hy haar, en daar is baie dinge van baie jare wat tot punt moet kom.

Die son tas-tas na die bergpunt hier bo, maar dit sal nog 'n halfuur lig wees. Ondertoe, teen die berg af, lê die rokerigheid van die dorp in die herfs. Vlammende bome flits hier en daar tussen die groen van kreupelhout en oerbos. Ver, ontliggaamde geluide spoel af en toe teen die hellings op tot hier, weggedoolde stemme uit 'n wêreld en 'n bestaan van ander mense. Hier — hier is dit stil, met die dromende herfs oor die hange, en oor die poel waar die skaduwees daglank onder die oorhangbome gekoester lê.

Hier waar sy is. En hy. Net hulle twee.

Vaneffe het hy daar uit die dorp uit opgestap, uit die mankolieke huisie in Sewendestraat.

Sewendestraat . . . ? Dis die Onderdorp. Hy voel die ligte trek-trek van weersin aan sy mond.

Hy het die mense al hoor sê dat jy nooit loskom van die dinge om jou nie, soos 'n vis nie van die water nie. Maar hý is los — van alles, heeltemal los, en heeltemal alleen en heeltemal verlate.

Daar was dae dat dit anders was. Toe het dit nog nie soveel saak gemaak dat hy uit die Onderdorp kom nie. Toe het hy vir die skool se eerste span gespeel en daar was in die hele kontrei geen senter soos hy nie: rank en glad, vlug soos die voëls voor die wind uit.

Tuis was dit net hy en sy pa en ma. Erg aan húlle het hy bloedmin gehad. Naweke het sy pa dronk gelê, hom periodiek met 'n spantou deurgeloop. Tot daardie dag, nou al vier jaar gelede.

Marianne was toe daar: liewe klein ligkind wat van die begin af nie omgegee het dat hy hý was nie. Dié Saterdagmiddag het sy hom by die hoek ontmoet. Hand aan hand, dolgelukkig, het hulle onder die ou eike deurgeloop en agter die waenhuismuur gaan sit. Die ure het so min beteken.

„En toe . . . ?" het sy pa se druilstem hom laat skok.

„En wáár is die gras wat gesny sou wees . . . ? Hier sit jy die liewe dag lank en vry agter die waenhuis . . . ! Vandág sal ek jou leer . . . !"

Die eerste slag het oor sy skouer gesjiep. Hy het die skrik en vernedering in Marianne se oë gesien.

„Toe jy . . .!" het sy pa skielik vir haar ook geskreeu. „Vervlakste klein tefie . . . !"

Hy het die brand agter sy oë gevoel, blindweg getas-tas na die neerkomende spantou en dit raakgevat. 'n Oomblik het hy die stomme woede in sy pa se gesig gesien. Maar die dreuning in sy eie kop het hom onbeheers gemaak. Met 'n kwaai pluk het hy die riem uit sy pa se hand geruk en 'n woeste hou geslaan.

„Daan . . . !" het hy Marianne vérweg in sy ore hoor skreeu. Maar hy het weer geslaan. Wéér. En toe hortend gedreig:

„Probeer dit net weer! Ek sal jou vermoor! Ek sal jou morsdood maak . . . !"

En dit was vreemd dat sy pa so kort daarna onder die motor beland het. Spyt was hy nie.

Maar Marianne was weg, skigtig buite sy bereik.

„Ek is jammer, Daan . . . ," het sy onseker gestamel. „Maar dis beter as ons maar . . . Jy weet . . . Ek sien nie kans . . . "

Hy het geweet. En gesnou:

„Goed! Ek kom mos uit die Onderdorp. Dis dié. Ek weet dit . . . !"

„Moenie so sê nie, asseblief, Daan," het sy gehuiwer.

Maar hy het geweet. En die bitterheid het daar begin, die wrok, die onversetlike haat teen almal wat hom nie wou aanvaar nie.

Eén ding het daarvoor vergoed; juis daardie winter het hy die eerste maal die eerste span gehaal. En hy het gehoor dat iemand sê — wat tewens sy eie voorneme was: „Dáár sal hulle hom nie weer uitgespeel kry nie."

Dit was sy grootste houvas. Ander het hom bewonder vir sy seepgladheid, sy vernuf, sy vermoë om 'n gaping te vat. Hy was tevrede; want hy het nie veel gevra nie.

En teen die lente het Cynthia toe ook verskyn. Afkomstig uit 'n ander skool, het sy onmiddellik die seuns hier op hol gehad. Want Cynthia was mooi, met daardie koppige, hooghartige soort mooi wat nie vir hóm bedoel was nie. Hy wat Saterdae maar in ander mense se tuine moes werk om skoolgeld te verdien. Hy wat ou Dronk Flippie Gertse vir 'n pa gehad het.

Hy het uit haar pad gebly. Toe al het hy 'n soort wrok

teen haar gekoester, net omdat haar pa dokter was en hulle in die massiewe dubbelverdieping op die ander punt van die dorp gebly het.

En tog: hy was ook maar seun, soos die ander. Saans het hy uit die Onderdorp weggeraak — deur sy venster geglip dat sy ma nie sou weet nie — en soos 'n sku hond deur die donker strate gesluip, verby die ligte vensters van die winkels, na die woonbuurt van die „ander" mense. Tot by die groot huis op die ruim betuinde erf. Daar het hy deur die heining gekruip en na die muur geglip, koetsend van struik tot struik. Waarom . . . ? Hy kon dit self nie verklaar nie. Wou net maar daar neul om die ligte vensters soos 'n mot, sluip-sluip, om en om, en af en toe miskien 'n glimpsie van haar vang. En dan baie laat, as die vensters een-een donker word en die paddas dreun in die vore, terugslu na sy eie bed. Gehaat, en begeer. Altyd was dit so.

Maande het dit so aangehou. Toe, die volgende seisoen, was daar die kwaai wedstryd teen die buurskool om die skild wat áljare maar in die gedrang was. 'n Mooi wedstryd was dit nooit; vir elke punt is gespook.

Dié jaar was dit hewiger as in 'n lang tyd, want die buurskool het nou al twee jaar die skild gehad en 'n derde keer was onmoontlik.

Tot kort voor die einde was hulle drie-nul agter. Die fluitjie moes al haas blaas toe die bal uit 'n losskrum voor hom te lande kom, skoon by die losskakel verby. Hulle het nog staan en rondkyk, toe trek hy al seepglad weg. Daar was 'n geskree, 'n bewegende bont skaar, histeriese roepe. Sy ore het getuit. Oor die ganse veld het hy genael. Agter hom het hy voetstappe hoor aankom. Toe land hy agter die pale.

Die skop was oor. Die fluitjie het geblaas. Hy is skouerhoog afgedra. Mense het hom oorval.

En tussen die menigte was daar skielik sý: Cynthia. Fyntjies en pragtig, met rooi, opgewonde wange en blink oë.

„O, Daan . . . ! Dit was wonderlik, wonderlik . . . !"

Voor hy hom kom kry, het sy hom gesoen. Hy het gelag, heeltemal bandeloos en gelukkig.

Cynthia het hom gesoen.

Maar hy het daarná besef dat alles maar in die opgewondenheid van die oomblik gebeur het. Tog . . . Daar was wel 'n verskil na daardie dag.

Een keer het sy en haar span toneel geoefen; hy het ook daar rondgedrentel, op pad terug van die veld af.

„Ag, Daan!" het sy geroep. „My rol lê by die huis. Sal jy dit nie vir my gaan haal nie?"

Hy kon sy ore nie glo nie. Maar hy is daar weg; aan die ligte gelag wat agter hom opgestuif het, het hy hom nie gesteur nie. En nou kon hy helder oordag haar tuinpaadjie opstap en aanklop, met haar ma praat, die getikte rol neem en laat spaander.

Sulke dingetjies het gebeur. Soms, as sy ná skool nog met iemand wou praat, het sy hom geroep en gevra: „Ag, Daan, gee jy om om my tas vir my huis toe te neem . . . ?"

Hy was soos 'n hond. Hy kners opnuut op sy tande as hy daaraan dink. 'n Ellendige, dwase, flikflooiende hond, ja! Maar hy was gelukkig. Hy het iemand in die wye wêreld gehad vir wie hy van betekenis was, hoe gering dan ook al.

Maar voor die end van die seisoen het alles verander.

Teen die helfte van Junie het hy in 'n wedstryd kwaai teen 'n oorkantse speler vasgehardloop, geval en die skerp pyn in sy been gevoel. 'n Lelike breuk in die enkel. Dit was 'n bitter pil, maar hy — en sy spanmaats — het gemeen: Ná die vakansie sou alles reg wees . . .

Dit was nie. Die enkel wou maar nie behoorlik aangroei nie. En dit was bog met spesialiste, het sy ma gesê. Hy loop vandag nog effens kruppel.

So is hy uit die span. En daarná het hy uit gevoel wanneer die ander rugby gesels. Langsaamaan, maar baie doeltreffend, is hy uitgesluit uit alle gesprekke. En hulle het begin onthou wat so lank vergete was: dat hy eintlik maar uit die Onderdorp kom.

Nou was daar net Cynthia nog oor. Hy het baie goed geweet dat dit die laaste strooi was waaraan hy met hals en mag durf klou. Dáárom het hy so onbesonne opgetree.

Die skoolpartytjie, die eerste werklike sosiale funksie van hul skooljare, het nader gekom. *Almal* sou meisiemaats hê.

Hy het nagte lank daaroor wakker gelê en haar toe een midddag ná skool ingewag:

„Cynthia . . . ?"

Sy het koel na hom gekyk.

„Ek . . . wou net hoor of jy nie dalk saam met my na die partytjie wil gaan nie . . . ?"

'n Oomblik het sy hom ondersoekend betrag, toe haar ligte kop agteroor gegooi en gelag. Gelag dat die tráne loop.

„Jý . . . ?" het sy gevra. „Jy, ou horrelpoot uit die Onderdorp . . . ! Wat op aarde verbeel jy jou is jy, hm . . . ? Die koning se kat se kleintjie?"

Hy het ingetoë na haar gekyk en geloop.

Die volgende oggend het 'n koor hom ingewag:

„Daan . . . ! Wil jy nie saam met mý partytjie toe gaan nie? Daan . . . ! Hoe lyk dit met 'n ‚date'?"

Stom het hy deur hulle geloop.

En in die klas, toe hy 'n oomblik versuim met 'n antwoord, het een onderwyser geterg:

„Toe dan, ou! Of pla die bloutjie jou nog . . . ?"

Uiterlik was daar geen reaksie nie. Die klas het uitbundig gelag. Hy nie.

Maar nou was alle bande verbreek. Hy was uitgestote, heeltemal alleen. En hy het net nog gehaat. Soms, saans, het hy nog na die dubbelverdieping gegaan en daar rondgedwaal, koersloos, sonder om te weet wat hy soek. Af en toe het hy gewonder — en daaroor geskrik: wát sou hy nou eintlik aanvang as hy haar hier raakloop . . . ?

Alles het hy net op háár saamgetrek.

Die ander seuns het haar soms bespreek, kop geskud oor haar wildheid. Want sy was soos 'n bok: heeltemal onbesonne en bereid om enige uitdaging te aanvaar. Dan het hy maar agterlangs geluister tot een vra:

„En toe . . . ? Wil jy ook saam gesels?"

Maar dit was ook net aan die begin. Later het hy nie meer probeer meng met hulle nie. So moes dit seker maar wees.

Tot vanmiddag nou. Hy het uit die Onderdorp se vuil strate hiernatoe opgekom na die poel wat hy vergange al hier ontdek het. Sý poel. Hier kon hy ongestoord wees, weg uit die wêreld, tevrede.

En nou is sy ook hier, luiters aan 't swem in die koel water van sý poel.

Haar klere lê hier naby teen die wal, geen tien tree van hom af nie, 'n netjiese hopie.

Wrang trek sy mond. As dit sý moes wees wat hóm hier betrap het, dan het sy seker al lank met sy klere laat spaander.

Sy kom nou hierdie kant toe aangeswem. Hy glip agter die rots uit tot by haar klere.

Sy het die beweging gesien en kom skielik verskrik tot stilstand; sak af in die water tot net haar kop uitsteek.

„Wat maak jy hier . . . ?" roep sy, maar haar stem klink nie baie vas nie. „Gaan weg!"

„Ek gaan glad nie hier weg nie!" skree hy terug. Voldoening gly oor hom.

„Jy behoort jou te skaam . . . !"

„Wat sal jy maak as ek jou klere wegdra?" vra hy.

„Jy durf nie!" roep sy. „Jy dúrf nie, hoor jy?"

„Nie . . . ?" Selfversekerd, uitdagend staan hy daar. „Toe! Waarom kom jy nie uit nie?"

„Ek . . . ek het nie klere aan nie. Gaan weg! O, jou gemene ding!"

Hy wag maar rustig.

„Dis ook wat ek kon verwag!" skree sy. „Mense wat uit die Onderdorp kom . . . !"

Iets trek aan sy wang, maar hy beweeg nie.

„Lóóp nou . . . !" skree sy. Haar tande begin effens klepper.

„Kry jy koud?" roep hy. „Die water is nogal koel so in die herfs . . ."

Sy beweeg heftig met haar arms. Haar tande klepper nou openlik. Maar sy probeer haar ongeërg hou: „Dis 'n mooi poel . . . !" roep sy.

„Dis myne," antwoord hy kortaf.

„Ek het al . . . in baie poele hierlangs geswem. Nie een so helder en mooi soos dié een nie . . . !"

Dit tref hom 'n bietjie vreemd: haar poging om sy aandag af te trek.

„Kyk die berge, dáár!" roep sy. „Die son sal nou-nou onder wees. Die kleure . . . sien jy?"

Maar hy weet dat alles net voorgee is, blote bravade; dat sy in werklikheid bitter koud kry en dat haar moed moet begin klein word. En tog raak dit aan hom dat sy ook dié dinge merk wat vir hom, soveel jare al, in skoonheid iets beteken.

Sy begin effens aan die water krabbel en gly weg van die duskant.

„Moet maar liewer nie probeer padgee nie!" skree hy. „Ek gooi vir jou met 'n klip, gehoor . . . !"

Sy bly water trap op een plek. „Daan . . . !" Sy praat moeilik. „Asseblief, asseblief . . . !"

Vanaand is sy in sy mag hier. Hy weet dit. Heeltemal in sy mag, hier by die stil poel hoog bo die aandmis van die dorp.

„Ja toe . . . !" skree hy, bewus van nuwe kragte in hom. „Jy het gedink ek sal maar altyd sluk, nè . . . ?"

„Daan, tóg . . . !" Haar tande klap.

„Vandag sal ons sien!" roep hy triomfantelik, met 'n snaakse duiseling in sy stem. „Jý was mos altyd kokennetjie. Wou mos altyd beledig en maak soos jy wil. Nou kan jý 'n bietjie mooi vra!"

Vanmiddag, dink hy, is sy gans, gans weerloos — sy wat mos altyd so trots was.

„Toe!" tart hy opnuut. „Hoekom kom jy nie uit nie?"

Sy roer in die water. Rimpels plooi om haar uit. Hy sien die gladde skouers met die laaste lig op die blink druppels wat daaraan kleef; en laer af, gebreek deur lig en water, vermoed hy jong, ronde borste, 'n liggaam met die belofte van nuwe genietinge. En hy voel sy krag in hom toeneem, sy nuwe meesterskap bo haar weerloosheid.

„Jy is bang!" skree hy. „Jy sal tóg moet uitkom . . . !"

Die water plooi weer weg van haar en hy sien haar rillende skouers.

„Hoekom antwoord jy nie, hè . . . ?" roep hy uitdagend, wild soos 'n jong Pan.

Toe sien hy dat sy huil. Dat die beweging van haar skouers nie net die bewing van die koue is nie.

„Cynthia . . . ?" roep hy, effens sagter, bewus van onsekerheid en twyfel wat terugkeer.

Sy vee driftig met 'n handrug oor haar oë. Nat hare kleef sliertig aan haar slape.

Strydend staan hy daar en kyk af na sy skoene waar die stof van die Onderdorp nog kleef.

Toe draai hy om en begin stadig terugslenter, hande in die sakke, die skouers krom, 'n naamlose verlatenheid en verwyt in sy hart.

„Daan . . . !" Hy hoor haar stem ylerig, ver, van agter af aankom.

Hy aarsel effens, maar draai nie om nie. Skop net 'n klip verwoed uit sy pad en loop aan, al teen die hang af, terug na die rookmis oor die huise.

Aan die rand van die dorp hoor hy haar vinnige voetstappe van agter af aankom.

„Daan . . . !" roep sy. Asem stoot deur haar half-oop lippe. Haar hare is nog nat. Sy het nie behoorlik afgedroog nie.

Hy kyk net vlugtig na haar en gaan staan, onseker nou.

„Daan, ek . . . " Sy stoot 'n hand deur haar hare. „Ek is jammer. Ek wil . . . " Die woorde verloor iewers.

Hy kyk na haar — sy, Cynthia, met die skoonheid wat nie vir hom is nie. Effentjies glimlag hy en skud sy kop.

„Dis niks," sê hy skugter, sonder illusie. „Dis maar beter so. Jy loop jou paadjie, ek myne."

Hy begin aanstryk na die Onderdorp. Een keer kyk hy om en sê saggies:

„Ek hoort daar."

Deur die rookdamp oor die triestige huise val die laaste son en blink 'n oomblik verblindend teen 'n dak.

Hy trek sy skouers agteroor en stap vinnig aan.

PAUL M. BESTER:

Die Maan

Die maan,
So sag en stil
Daarbo.
Sy baan
So vasgestel.
In duister weg
Of skemer.
Sekel hang,
Oor die kruine loer?
Bloedgedoopte dier

Sy bleke gloed
Oor ons dal kom giet,
Die hart kom raak.
Die stille hand.
Vandag
Die pen gehou
In bedrieglik lig
Die monster.
Sy broer se hart
Met staal verskeur.
Die bloedrooi lem
So rooi
Soos die maan se rooi.
Die kronkelgang . . .
Die dwaalbospad . . .
Die vrou.
Sy broer se maat.
In sagte lig
Haar wange streel,
Die liefde
In haar oor betuig
Tot die dronke dier
Sat is van homself,
Tussen goue lokke
Sy wyn uitslaap.
Die son,
Die lig,
Sy hoof
In skaamte sak
O God!
Dit was die maan.

A. SWART:

Jeugland en Oorgang

VAN DAG TOT DAG

In ligrooi skakering met vergulde klein randjies
Hang los wolkies rond in die groot hemelruim.
Dis die kleurvolle kus van die strale wat meedeel
Dat die son nog agter die rante versuim.

In die gloed van die heerlike warme sonskyn
Ontwaak die natuur in haar skoonheid en prag.
Die blomme ontbloot elk 'n blinkende druppel;
Die wêreld is vriendlik soos iemand wat lag.

Die windjie suis sag soos 'n fluisterende moeder,
Die halmpies wieg, pas ontwaak uit hul rus.
Die voëltjies wil kwetter en sing en plesierig
Vertel hoe die dag hul vervul met lus.

Die ou spruitjie kabbel en babbel oor klippers,
Al singend spoel watertjies weg na die see;
En so ver as dit vloei, verkwikkend en lawend,
Neem dit steeds die verhaal van natuurskoonheid mee.

Die dag gloei al verder, die son sak al laer,
Maar verlaas word die goue strale gevang
In 'n lowergroen boomtop, op wit wolkekruine
Eer die skemer sy sluier oor alles kom hang.

Die sterretjies knipoog en skitter en glinster,
Hulle waak oor die aarde met hul vonk'lende lig.
In die donker koel water van die plaasdam daaronder
Het die paddas 'n kwakende koor gestig.

Die maan gooi sy silwer in glansende glorie,
Die golfies klots saggies hul eie refrein.
Hulle bewe in kringe al wyer en wyer
En breek teen die wal om maar weer te verskyn.

Die nag bedek nou die slapende aarde
Die donker's 'n dik ondeursienbare gordyn —
Maar môre in netsoveel heerlike skoonheid
Sal die daeraad aanbreek, die sonnetjie skyn.

LEWENSVREUGDE

Hoe mooi is die wêreld,
Hoe blou die lug;
Hoe dartel die voëls
In hul vinnige vlug!
Hoe vars ruik die grond
Soos na die reën,
Hoe blink die water
Soos 'n kosbare steen.
Hoe helder die blomme
Met kleur op kleur
En die boorde vol bloeisels
Se ryke geur!
Dis alles net skoonheid,
Dis alles geluk
Want die hart van 'n kind
Is so maklik verruk.

DROME

As ek so lig as die wolkies was,
So wasig, so yl en so vry,
As ek so los deur die bloute kon seil
En kon sweef oor die velde verby . . .
As ek sawends kon dans met die wind hand aan hand,
Op sy wieke kon wals en kon swaai . . .
Ek sou huppel en spring oor die bergstrome langs,
Oor die boomtoppe heen tiekiedraai.
Ek sou sing op die maat van die windemusiek,
Ek sou juig as 'n kind van die son
En my lippe benat uit die kelk van genot
Wyl ek drink van die lewensbron!
Die lewe se swaar sou ek ver agterlaat,
Ek sou sweef na 'n land van geluk!
Met die krag van die jeug in my hart nuut ontwaak
Sou ek leef in my droomland, verruk!

Maar my stappe is swaar en my treë is traag
Op die lang vaal pad waar ek swoeg.
Die wolke pak saam in 'n dreigende laag;
Die pad is nog lank en ek is so moeg . . .

Lied van die Jeug

Ek het 'n wens . . .
O, gee aan my
dat ek tog ewiglik behou my jeug!
Dat ek kan vasgryp hierdie blye vreug
Wat deur my hart rinkink!

Nou is ek vry,
Vol krag wat deur my jonge liggaam vloei,
Vol lewensvuur wat helder in my wese gloei,
My oë laggend-bly laat blink.
Die jonkheid tintel deur my are heen,
Die krag spruit kerndiep uit murg en been
En bruis na buite in 'n fel sterk stroom.

O, ek is jonk,
Ek leef en lag en sing my blye lied
En lig my hart aanbiddend na die songebied.
Maak my 'n koningin!
'n Koningin wat hoog bo TYD se voetstap troon,
En laat my onverganklik my Jeugpaleis bewoon!

O, dat ek tog vir altyd kon behou,
Die lag, die blydskap, die jeuggenot van nou . . .

Tienie se Nooientjie

So lig, so fyn,
So lieflik klein,
'n Meisietjie so skoon!
Die oë van jou
Onskuldig blou
Met nooit 'n sweem van hoon.
'n Mondjie sag,
'n Liewe lag,
'n Kuiltjie op die wang;
So blosend blank,
Figuurtjie slank —
'n Gees van hoogste rang.
Die lewensswaar,
Kom, sê nou waar,
Het dit jou nooit getart?
Jou lewenslied
Vry van verdriet?
Gelukkig daardie hart!

Ek bid dat jy
So edel bly,
So lieflik rein en goed;
Onskuldig blou
Die oë van jou —
Mag Hy jou steeds behoed.

Is Daar?

Is daar ooit 'n vreugde
Geheel sonder pyn?
Bloei daar ooit 'n roos
Wat nie weer kwyn?
Kom daar ooit 'n somer
Sonder winter daarna?
Sal liefde jou altyd
Op die hande bly dra?

In 'n meisie se hart
Is dit skrynend seer;
Die eerste liefde
Stel ook teleur.

Herinnering Aan Ou Skoolmaats

Hul is weg, soos die wind is hul heen;
Soos blare wat die herfswind verstrooi het.
Die takke is droog en kaal
Van die boom wat hul eertyds getooi het.
Verdroog en verbleek op die grond
Warrel winde vol stof oor hul rond.

Die lente was kort met sy groen,
Die heerlike jeug so vol vreugde.
Die winter se nypende kou
Verjaag die somer se deugde.
Maar die dou hét sy pêrelblink skyn
Hoewel dit ook spoedig verdwyn.

Tevergeefse Verwagting

So donker die stil, trae nag,
Die bloekoms so somber op wag,
Hul blare 'n swarte gewaad
Waardeur die winde hul fluistering laat;
Die skreeu van 'n eensame voël
wat rusteloos nog ronddool . . .
So duister en bang ook mý nag,
So lank ook mý eind'lose wag;
En my stem ruksnik van smart
As die eensaamheid spoel deur my hart;
Want die nag fluister swaar deur die raam
Van hoop wat my nou kom beskaam.

Volwassenheid

Hier waar die herfsdag rustig sy lig oor die veld uitstroom
En die blou lug ver oor die horison gly,
Hier waar die suikerbosse op die rantjies staan en droom
En die skape stadig huiswaarts wei,
Hier waar die veld en rante so lui in die middagson loom,
Hier is dit stil ook in my.

Ek het gehuppel langs paadjies waar die blomme welig groei,
Want die hart van 'n kind is nog bly —
Ek het gewandel langs strome waar die water stilweg vloei,
Sorgeloos, gelukkig en vry.
Maar reeds as kind moes ek leer van die Dood en harte
wat bloei,
En die wete het vir altyd gebly.

Ek het verder gegaan deur dale met 'n digte mis daarvoor,
Maar my voetstap moes kragtig bly.
Ek het deur bosse gestrompel en die rigting soms verloor
Om eers later weer koers te kry;
En orals ontmoet ek nou vriende wat ook die rante moes oor
En saam gaan ons verder, sy aan sy.

Een was daar wat onkeerbaar die blydskap in my kon bring
— Sy oë was helder en blink —
Dag-in, dag-uit het die liefde al luider in my gesing
— Ons het soos kinders rinkink —
Die lied het so suiwer, so helder al wyer en wyer gekring
En van hart tot hart weerklink.

Maar ook die jeug en sy liefde moes die berg na
volwassenheid oor,
— En soms teen die hang huil die wind —
Toe, êrens op pad deur die klowe, het ons albei rigting
verloor
En ook die band wat ons bind.
En so is my lied en my sange in jare se smarte versmoor
Omdat ek dié vreugde nie weer kon vind.

Maar nou is ek hier op die rantjie en jou hand hou myne
vas
En ek weet dat ek weer moet sing;
Ek hoef nooit weer deur die donker en 'n leë toekoms te tas
Met die pyn van herinnering.
My hart treur nooit meer oor die dinge wat lankal, lankal
was,
Want jy het genesing gebring.

Dus hier waar die herfsdag rustig sy lig oor die veld
uitstroom
En die blou lug ver oor die horison gly,
Hier waar die suikerbosse op die rantjies staan en droom
En die skape stadig huiswaarts wei,
Hier waar die veld en rante so lui in die middagson loom,
Hier is net ek en jy

B. LE ROUX:

Enkele Gedagtès oor diè Voorlopers van die Bybeldrama in Afrikaans

Dis opvallend dat die oorsprong van die drama by party volke gepaard gaan met die godsdiens. Dit word beweer dat die Indiese drama sy ontstaan te danke het aan godsdienstige liedere wat algaande weg 'n dialoogvorm aangeneem het. Op die feeste wat gehou is om die seisoene te verwelkom, het daar allerlei godsdienstige voordragte plaasgevind.

Die Katolieke Kerk het baie gou uitgevind dat „sien" 'n groter uitwerking op die massa het as „hoor"; gevolglik het priesters van Bybelse voorstellings gebruik gemaak om die mistieke, verbonde aan die en of ander fees, aanskoulik voor te stel. Selfs vandag is die Katolieke Kerk by die uitvoering van eredienste dramaties van aard, en in die Middeleeue het dit nog 'n groter rol gespeel.

Die Bybeldrama in Afrikaans is eintlik 'n uitloper van die historiese drama. In die ontwikkeling van alle volke se letterkunde ontluik die drama die stadigste. Heelwaarskynlik omdat dit die moeilikste kunssoort is om te beoefen. Dit vereis 'n sterk ontwikkelde, kulturele agtergrond as voedingsbron wat seker nog by die jong Afrikanervolk ontbreek. Die juiste datum waarop die Bybeldrama in Afrikaans sy verskyning maak, is nie hier ter sprake nie. Die doelstelling is om slegs 'n paar van die eerste gepubliseerde stukke te bespreek. As voorlopers van die Bybeldrama kan genoem word o.a. die werke van ds. P. de Waal, P. W. S. Schumann, Jac. Müller en W. J. Pienaar. Die werke van hierdie vier baanbrekers kan uit drie gesigspunte benader word:

(i) Daardie werke wat bloot Bybelse geskiedenis behandel sonder veel meer; die doelstelling is bloot didakties.

(ii) Die werke met die godsdiens as grondslag, maar wat tog 'n mate van karaktertekening openbaar.

(iii) Die stukke wat die Bybelstof deur middel van sinnebeeldige voorstellings aanskoulik wil weergee.

As voorbeeld van die eerste aspek kan die twee werkies van ds. P. de Waal, nl. *Die Bekeerde Jodin* (1923) en *Delila* (1926) genoem word. Die benaming van die eerste toneelstuk is definitief misleidend. In 'n stuk met so 'n titel sal 'n mens juis sieleworsteling verwag: die openbaring van 'n geteisterde siel wat moet kies tussen haar eie geloof en dié van 'n ander, m.a.w. 'n innerlike konflik. Hier is dit nie die geval nie. Dis niks anders as 'n relaas van feite en gebeurtenisse nie. En tog het die stuk groot skares getrek. Dis omdat De Waal iets aanskouliks kan voorstel. Die preek en sing wat in die stuk voorkom, werk sterk in op die gemoed van die gehoor. Daardeur word die toeskouer op 'n dwaalspoor gelei, weg van die kunsaspek af. Dit bevat werklik spannende momente. Daar word op voortreflike wyse van ons eie godsdiens vertel, maar ongelukkig nie geopenbaar nie.

Die ingenomenheid waarmee die stuk begroet is, het De Waal aangespoor om sy tweede werk *Delila* te skryf, waarin hy hom waag op godsdienstige terrein. In die Voorwoord sê die skrywer dat die opvoerings en voorstellings in kinderkranskonserte hom aangemoedig het om die werk te skryf om daarin die populêre geskiedenis van Simson uit die Bybel leersaam voor te stel. Die leersame aspek is feitlik al wat De Waal bereik het. Behalwe die swak bou, gaan die werk mank aan soetsappige dialoog wat die Bybelse figuur verwronge voorstel. Dis tog haas onmoontlik dat die groot Simson-figuur sulke belaglike taal teenoor sy Delila sou gebruik het: „Ja, my soetbekkie" (bl. 22)! Sulke onware dialoog kan 'n mens op byna elke bladsy aantoon. En tog is daar so iets van 'n sielsopenbaring waar Ester haar beminde in die sel besoek. As die blinde Simson haar stem verneem, twyfel hy of dit werklik sy is, maar as Ester sy hand kus, roep hy oortuigend uit: „Ester, dit is — ja, dis werklik jy!" Verder openbaar die alleenspraak iets van Simson se gemoedstoestand. Maar dit het geen kunswaarde nie. De Waal staan onbeholpe teenoor sy stof.

Gelukkig is daar reeds op hierdie stadium toneelwerk wat ryper is, sodat ons die saak uit die tweede gesigspunt kan benader: die stukke wat Bybelstof behandel, maar ook 'n mate van karakteruitbeelding bevat. Hieronder val daardie destyds gewilde werkie van Schumann: *Die Verlore Seun* wat op die bekende Bybelverhaal gebaseer is.

In hierdie stuk het die skrywer seker daarin geslaag om

die geskiedenis treffend voor te stel, maar dis nie slegs 'n gedramatiseerde verhaal nie; die skrywer laat ons enigsins met sy karakters saamleef. Sterk word daardie drang in Joël gesuggereer om sy vaderhuis te verlaat en in 'n vreemde sy heil te gaan uitwerk. Daardie aspek wat so kenmerkend van die jeug kan wees, word mooi in die karakter van die „verlore seun" gemotiveer. Dit alles maak Joël menslik. Teenoor Joël staan sy broer, Eliab, die ware egoïs: die besittings van sy vader is ook syne en om die vleispotte van Gilead geniet hy 'n soort Boheemse lewe. Liefdevol is Joël se slaaf, Eli, geteken. Die man wat hondsgetrou alles vir sy baas sal feil hê. Ongelukkig word die karakters wat heeltemal belowend aan die begin van die stuk uitgebeeld word, nie dwarsdeur volgehou nie. Die werk ontaard naderhand in 'n blote vertelling. Joël se verblyf in die vreemde en sy terugkeer word nie sterk aangevoel en uitgebeeld nie — twee gebeurtenisse waarvan die skrywer gebruik kon gemaak het om die konflik in die hoofkarakter te benadruk.

Onder hierdie kategorie ressorteer ook die werk van W. J. Pienaar: *Saul* (1928). Hierin behandel die skrywer min of meer die geskiedenis van Saul, die koning oor Israel, soos in die Bybel. In tyd van vrede is hy nie tevrede om slegs koning te wees nie, maar hy wil ook die amp van rigter beklee. Hier kry ons iets van daardie eersugtigheid wat ook in Vondel se dramas uitgebeeld word, die hoofkonflik wat die botsing moet veroorsaak, maar hier word dit nog te floutjies aangevoel om Saul as 'n tragiese figuur te bestempel. Sterf hy aan die end van die drama, voel die toeskouer dat dit sy verdiende loon is, en hy het geen medelye met hom nie. Die karakters wat miskien die sterkste omlyn is, is dié van vader Samuel, „siener" van die volk, Jonathan, die getroue vriend, en Ahinoam, die vrou van Saul wat smag na liefde, maar dit nie van haar man ontvang nie.

Hoe dit sy: selfs in hierdie stuk wat moontlikhede inhou, word die karakters alte dikwels op die agtergrond gestoot om die Bybelgeskiedenis aanskoulik en leersaam voor te stel. Dr. Rob. Antonissen noem dit saam met Müller se *Die Doper of Herodes-treurspel,* die eerste (tragedie-) proewe in die Afrikaanse Bybeldrama (*Die Afrikaanse Letterkunde van die Aanvang tot Hede,* bl. 116).

In 1928 verskyn die werk van Jac. Müller: *Die Doper of die Herodes-treurspel.* Dit handel oor Johannes die Doper en die Herodes-episode uit die Bybel. Die hele stuk is in verse geskryf. Hier het ons dus te make met 'n kunsmatige

taal. Dit lyk op die oog teenstrydig dat die mens op die verhoog versies gaan gebruik in sy gewone gesprek met andere. Die feit bly tog staan dat die drama iets kunsmatigs is. In 'n paar uur se tyd gebeur daar meer op die verhoog as wat daar in die gewone lewe sou plaasvind. Aan die begin van die drama word daar 'n sprong geneem: daar word van die toeskouer inspanning verwag om die gebeurtenisse as werklikheid te aanvaar. Hierdie sprong doen die toeskouer maklik en met genoeë, maar hy wil nie gedurig bly rondspring nie. As die sprong eers eenkeer geneem is, wil hy in die kunsmatige atmosfeer en wêreld bly. Dus, as hierdie dinge aangeneem word, kan die kunsmatige praat ook maar aanvaar word, mits die dialoog dwarsdeur die stuk dieselfde bly. Om die rede kan die poësie in die drama aanvaar word, en dit het die voordeel dat dit 'n eie bekoring het, maar dit bemoeilik die taak van die dramaturg, want hy moet die „natuurlikheid" dwarsdeur handhaaf. Müller doen dit.

Grootse kuns is die stuk nie, alhoewel die dramaturg hier en daar toon dat daar iets groters van hom verwag kan word. Herodes self word plek-plek taamlik suiwer aangevoel en uitgebeeld. Aan die begin van die drama word die wankelmoedigheid in die koning gesuggereer. Afgemat sak hy langs sy vrou, onder wie se pantoffel hy verkeer, op die tuinbankie neer, met dié woorde:

„Hier waar die sag-natuur, verlokkend skoon
Die groene tapyt van blomme sier."

Afgesonderd van die gewoel van die wêreld wil hy kalm luister na die gesang en gekoer van voëls. In die siel van Herodes is daar 'n konflik tussen goed en kwaad, maar dis die kwade wat seëvier en hom verhoed om sy goeie bedoelings ten uitvoer te bring.

Daar is momente wanneer hierdie sielskonflik sterk uitgebeeld word. Johannes beskuldig die koning van sy onwettige huwelik met sy broer se vrou. Vir die skuldige gewete van Herodes is dit genoegsaam, want dis 'n wurm wat al jare aan sy siel vreet. Maar dis veral aan die end van die drama waar die sielestryd sterk aangevoel word. Salome eis die hoof van Johannes. Die koning weet dis nie die wens van sy dogter nie, maar dié van sy jaloerse vrou. Gebroke roep hy uit:

„O, dat ek nie eerder in kon sien
Dat ek 'n adder troetel aan my bors!"

En dan byna soos 'n Pilatus van ouds:

„Ek sê: onthoof die profeet!"

As Johannes se hoof hom op 'n skottel aangebied word, is sy wanhoopskreet:

„Ek wil die Jood se bloed, se hoof nie sien nie!"

Hier kry ons so iets van die tragiese held: Herodes het deur sy eie inherente swakheid die marteling en pyniging op homself gebring sodat daar medelye vir die koning is.

Maar hierdie tragiese konflik word nie dwarsdeur die drama volgehou nie. Dit ontaard in 'n relaas van swakhede wat te sterk aangedik word en te sterk op die voorgrond gestoot word sodat 'n mens die koning begin verafsku. Dat Herodes sy swakhede teenoor sy vrou sal openbaar, is nog verstaanbaar, maar dat hy sy koninklike waardigheid in die teenwoordigheid van sy gevangene in die tronk prys gee en sy sake so openlik met twee gaste, Sylvanus en Lucius bespreek, is hoogs onwaarskynlik. Teenoor Herodes staan Herodias, die vrou sonder enige jammerte. As die koning uiteindelik rasend van selfverwyt is, bly sy genadeloos kalm, want sy het haar doel bereik.

Teenoor die swakheid van Herodes staan die sielsadel van Johannes. Ter wille van sy godsdienstige oortuigings gaan hy blymoedig die dood tegemoet. Dis in die gevangenis waar mens 'n kykie in die siel van die Doper kry. Die lig van die sterre word vergelyk met die Wet van God waarvan die volk genoeg weet, maar dit nogtans veronagsaam:

„Die vlermuis sien ook elke nag daarbo,
Die sterre as 'n ewige wagvuur brand.
Hy sien hulle fonkel, sien hul skitt'rend lig
En tog, hul word aanskou . . . en weer vergeet."
(bl. 47).

Teenoor die koning gedra Johannes hom dapper. Selfs as Herodes hom die kans bied om te ontsnap, wys hy dit manmoedig van die hand; op 'n slinkse wyse wil hy nie sy eie lewe red nie.

Hoe dit sy: hierdie drama van Müller is nog geen grootse kuns nie; daarvoor is die handeling te geforseerd en die karakters sketsmatig.

In die derde groep kry ons die dramas wat sinnebeeldige voorstellings bevat — 'n middel wat die ou dramaturge gebruik het om die nodige Bybelse atmosfeer te skep. Die

verskyning van 'n bomenslike mag op die verhoog verleen iets universeels aan die gebeurtenis. Die Grieke het hiervan gebruik gemaak om gruweldade op 'n hoër plan te verhef.

Die dramatiese waarde van so 'n bomenslike mag op die verhoog hang af van die geloof van die toeskouer. As 'n moderne dramaturg dit sou waag om so 'n gedaante op die verhoog te laat verskyn, sou siniese ongeloof dit al dadelik bederf, maar waar daar Bybelse stof behandel word, kan sulke sinnebeeldige figure moontlik suksesvol aangewend word, want trouens, die Skrif self vermeld sulke bonatuurlike magte.

Hierdie element kry ons ook in die Afrikaanse drama. In *Saul* laat die skrywer hekse op die toneel verskyn, en die held gaan so ver om die waarsegster in die grot van Endor te raadpleeg. By die geleentheid verskyn die gees van Samuel aan Saul wat sy ondergang voorspel. In die stuk *Liefde Versmaad*, deur ds. J. A. Kotze (1927), verskyn die engel van God aan Jeremia om hom van mismoedigheid te bevry, want hy staan vir 'n saak wat edel is, nl. die verlossing van sy volk. Verder is daar sinnebeeldige voorstellings in J. H. H. de Waal se *Omgeswaai* (1922).

In die Afrikaanse Bybeldramas volg die skrywers tot dusver vir Aristoteles. Hulle kies soos hulle leermeester vername of hooggeplaaste persone, by voorkeur 'n koning: Saul, Herodes en Jeremia. Die held wat 'n verhewe posisie beklee, skep die indruk dat die handeling gewigtig en betekenisvol is. As so 'n held dan tot 'n val kom, wek dit groot „meededoogen en schrik" by die toeskouer op, volgens die opvatting van Aristoteles. Opvallend maak hierdie voorlopers ruim gebruik van kleredrag en meubilering, „histories-korrek" volgens die Bybelprente. Dis asof hulle hierdeur wil inhaal wat hulle andersins inboet.

Sedert 1928 het heelwat toneelwerk met die Bybel as stof sy verskyning gemaak, maar sulke werke val buite die berekening van hierdie bespreking en wag op 'n later geleentheid.

By die Jongeres

ADRIAAN SNYMAN:

Ballade van die Goue Vink

Aan R. J. v. R.

Drup . . . drup . . .
Sag, siffend stort dit neer,
en pêrel op die blaredak
van strengeltakke in die mosgroen voorjaar;
wat nou gehurk staan teen die laat middag.
My vlerke krimp en wiegend stort
ek in die dieptes af . . .
en . . . af . . .

Plerrtss!
versplinter druppeltrosse as
ek flad'rend op die blinkblaarbos
neerstryk, om dan die soet-koel water
in die loute van my keel te kwik.
Ek tuimel verder in die sfeer,
en klief die blou lug in;
met nektar dun en fyn
spin ek die mooiste,
skoonste melodie:
Dit reën . . .
dit reën . . . !
Ek dartel,
kantelduik en klim spiraal
tot waar die yswit wolkies hang,
en huiwer sidd'rend as die wasemnewels
om my kring en draai en wolsag vou.
Dit laat my oë water-vlam
(die sneeuwind van die wolke).
Ek duik omlaag.
Die sonlig kersvlam op die hang —
ek moet terug.

Stil-swewend roei ek weg,
en krummel oor die westerkim.
Vér vlek doer onder my die lowertoppe,
sag knikkend in die wind.
Ek hoor die swelling van 'n paddakoor;
dit huiwer net 'n oomblik, breek dan af
en plons weg in die nag . . .
Dis stil.
Vreemd-seer verlang ek na die suiging
van 'n vroetelbekkie in my keel . . .

Die Swemmer

Sag, wiegend tril die plank en span
dan seningrig. Sy liggaam stort
daarop, kolos en swaar; verskiet
dan hellings oor die rand en word
ineen geruk. Met soepel spier
en krag het hy die blanke poel
deurploeg. Sy vingers het die groen
slik weggetooi en hy 't die koel
gat af gesink tot diep waar als
verrot en goor was van die stank
wat om hom kolk en draai en wyd
uitkring, om bo die slym te rank.

In hierdie seekoeigat wou hy
'n dag se arbeid af kom spoel.
Maar dikker het aan hom gekleef
die taaislib en 'n vuilgevoel.

R. J. JANSEN VAN RENSBURG:

C. M. VAN DEN HEEVER

Wie kon die hart se eindelose taal
met ryper stem tot woorde transformeer
as jý wat boer en plaas en somer maal
tot sand en fyn tot glas kristalliseer?

In grootstad agterbuurt het die ellende
van misplaastes; ew'ge kinders, skeel,
geboggel, jou laat pleit soos 'n miskende
musikant se fluit wat Mozart speel.

Dood en lewe laat die hart vergeet
van al die beelde van jou wonderverf,
want jare — soos die kerkklok ure meet —
en stryd moet in die kringloop iewers sterf.

My klein bejammering is al wat bly
vir daardie pyn wat jy nie meer kan ly.

Vaas

Ek het gedroom van dae wat
ons liefde met 'n goue hand
in al sy kleure op 'n plat

ou pottebakkerswiel
getol het tot 'n vaas
vol rose van die siel.

Die blou reën van die maan
het weggevaag, ek sien
die vaas vol krake staan.

Ek was 'n kind en het
soos een gedink: ek kon
die wind vang in 'n net.

Ek gryp en in my hand
verkrummel alles nou
tot blare, klei en sand.

Tussen flenters in 'n hoek
moet ek met oumensvingers na
ons jeug se droom en Eden soek.

Kleuter Kwatryn

'n Dooie hondjie in 'n balletjie
skep beeldjies in 'n klein kristalletjie:
die aarde tol al vinniger vandag
en môre val hy oor die walletjie.

KRÜGER VAN NIEKERK:

In Verset

Die ploegskaar hurk
teen kakiebos
en kluite;
wit vore
slinger
drie rye
spore
oor die geruite
stukkie land.

Heer,
slaan my oog
weer op U ploeg,
my hand
weer op die stert —
U vakkie
grond
het ek vir
kroeg
en goedkoop skyfies
tert
verpand.

Die Saaier Saai

Rooi waterpyp
spoeg
klippies
wit,
diep in die blou keel
van die put.

Swart brulpadda
sluk
groot-knipoog
die klippies
wit,
wat afgly
in die sagte put.

Die waterpyp val uit die voor;
die groot brulpadda lê oopgeboor.

MATTIE J. HATTINGH:

Jagter

Hy ken alleen
die vrees vir Hom
wat lewens sluit;
wat alles neem
waarna die mens
vir ewig gryp.

Karoo

Hier het die reën in sy dros
alleen spatsels nat gelos,
waaruit die boggelland koud
hom klee in 'n vaal karos.

Kringloop

Elke môre is vir jou en my
die sleepsels van ou gisters;
as jy dalk iets anders kry
onthou dit kan nie altyd bly.

Reën in die Boland

Die dae kwyn
in mis van reën
tot winter heen.

Deur water-strate
plas die mens
knaend aan 'n somerwens.

Maar elke dag
bly nat gebore . . .
so wat van môre?

Bergklimmer

Hoog waar kranse bou
het hy met vrees gevind:
'n land in winter rou
geskulp met donker blou.

Bandiet

Bewaak met tralies en sipier
na 'n daad se growwe gier,
weet hy dat elkeen is
sy eie prisonier.

Swart Pelgrim

Die spoor van vreemde wild
het hom gelei van hierdie landsgebrek,
tot by die drinkplek
van 'n wit moeras.

Soms vlug beelde uit die rook
van halwe potte bier
en oorlogsdanse by die vuur;
dan hoor hy weer haar lied
gevange tussen riet.

Maar met die bars
van vel teen been,
soek 'n honger nasie
soos verdwaalde honde,
die bene van 'n ou murasie.

A. GANTER:

Die Swerweling

Ek moet gaan ver weg gaan,
Weg van die woelende strate.
Weg na die veld waar ek tuis is,
Daar waar ek laas in vrede was.

Weg, ver weg van die groot stede
Waar alles beweeg en nooit stil is.
Ek moet daar wees waar die wolke
Warm komberse vir swerwers is.

Daar wil ek gaan, waar die voëls
Elke môre vir my wakker sing.
Ek moet weg, na roepende berge
Daar waar alles goed en vry is.

Ek wil wees waar die leeu brul,
Daar waar die wild in troppe wei.
Ek moet wees waar die hemel bo is,
Slegs in my swerwing vind ek rus.

MAGDALENA STEYN:

Koning Salomo

Salomo omring met eer en prag,
Sal bekend bly tot die laaste nageslag.

Toe God hom voor die keuse stel:
Verkies hy wysheid, eer of prag;
Het sy hart van trots geswel:
„Wysheid, Heer," het hy gesê;
Dit was al wat hy wou hê.
Wysheid om sy volk te rig
En so as koning te vervul sy plig.

God het teen hom gul geword
En Salomo met wysheid, prag en eer omgord.

A. HAUPTFLEISCH:

Voor die Bandlegging en Daarna!

Hy glimlag, hy troetel, hy vry en flikflooi
hy sleep sy vlerk stukkend by die nooi —
hy is so galant, so hoflik — sjarmant!
hy fluister need'rig en soen haar hand.

„Klim in, my lief — ek hou die deur oop —"
Hy glimlag, hy buig: sy is sy hoop!
Haar hartjie klop vinnig — daar's net een soos hy —
En as hy haar wil hê, kan hy haar kry!

Hy lei haar versigtig oor klip, en sloot —
Sal sy ja sê? Hy is hoog in die nood!
Vat aan haar handjie (hul's nou by die stroom)
Hy vra haar, sy knik — daar onder die boom!

Die troue moet gou wees — hy is só haastig —
(Sy — stralend, sy weet nie — alte gou word hy „baastig"!)
Hy's ook stralend — Sy is mos syne nou! —
Sy's vas in die band, hy pronk soos 'n pou!
en . . .
Sý glimlag, sý troetel, sý vlei en flikflooi,
sý soebat, en smeek, en vra tog so mooi!
Hy's bars, befoeterd, koud en so kwaai:
„Wat ek gesaai het," sy sug, „moet ek nou maai!"

„Ag! Klim tog in! Wat sukkel jy so?
Ek vir jóú die deur oopmaak? Watwo!
Bring nou die kinders! Maak toe daardie deur!
Sal julle nou stil bly! Moet my nie steur!"

— 'n Vriendelike waarskuwing wil ek nou gee
aan alle jong nooientjies: Kyk, 'n man se weë
is krom en befoeterd! Bly uit hul pad!
En wees gelukkig, nie „der Tagen satt!"

KATINKA BOTHA:

'n Geskenk vir die Oues

KARAKTERS:

OUMA BOSMAN, bejaard en effens krom.
ELIZABETH, haar dogter, omtrent 45 jaar oud.
HELEEN, Elizabeth se dogter, omtrent 22 jaar oud.
KLEINBOET, omtrent 13 jaar oud.

Verhoog:

'n Sit-eetkamer, amper bietjie oorvol gemeubileer. Langs die venster met liggeel gordyne staan 'n boekrak en onder die venster 'n klein tafeltjie met 'n blommerangskikking. 'n Paar gemakstoele, 'n tydskrifrakkie, kleinerige vloermatjies. Langs die muur teenoor die venster en naby die deur 'n groterige tafel waarop pakkies van verskillende grootte wanordelik lê. 'n Groot, vierkantige doos, netjies toegedraai in helderkleurige papier en wat eenkant op 'n bankie staan, trek dadelik die aandag.

Wanneer die gordyn oopgaan, staan Elizabeth en Heleen by die tafel, besig om die pakkies oop te maak. Elizabeth druk 'n bondel papier inmekaar en gooi dit onder die tafel.

HELEEN (*Tel 'n teepot met die fatsoen van 'n sportmodelmotor van die tafel op en hou dit in die lug*): Mamma, kyk net! Is dit nie wonderlik nie! O, en dink net hoe gaan my vriendinne my nie beny as ek vir hulle hieruit tee skink nie!

ELIZABETH (*Half verbaas*): Wat?! Is daardie ding tog nie 'n teepot nie! (*Skud haar kop*): Nee kyk, ek kan regtig nie meer tred hou met al die moderne modes en grille nie. Wil jy nou vir my sê . . . wag 'n bietjie . . . (*Vroetel tussen die geskenke*) Hierdie teepotjie is baie meer prakties en gemaklik (*Sy tel 'n eenvoudige, wit porseleinpotjie op*).

HELEEN: Ag Mamma, ons leef tog mos nie meer in 1860 nie! Van wie kom dit — hierdie oninteressante ou wit teepot? (*Haal die kaartjie binne in die teepot uit*) Ja, dit kon ek verwag het. Natuurlik van James en Hettie. (*Maak 'n kleinerige pakkie oop*) Gehekelde skinkbordlappies! Wat wil jy nou meer! (*Maak 'n vierkantige dosie oop*) 'n Wekker! Seker vir my kombuiskas met sy ingeboude elektriese wekker. (*Sny die toutjie om 'n groterige doos los*). Nee kyk, nou praat ek nie meer 'n woord nie! (*Sak op 'n stoel neer*). 'n Primusstoof van Koos en Tersia! Ma . . . wat gaan ek . . . (*Gooi haar arms moedeloos in die lug*) . . . wat gaan ek met al hierdie goed

maak? Het die mense dan tog nie 'n bietjie verbeeldingskrag nie? Ek wens . . .

ELIZABETH (*Val haar in die rede*): Heleen, as mens jou hoor tekere gaan, sou jy sê dat dit visblikkies en vuurhoutjiedosies is wat jy gekry het! Dis almal nuttige, praktiese geskenke. Besef jy hoe waardevol hulle gaan wees as jy en Jan oor 'n paar jaar plaas toe trek? Maar miskien moes ek jou al die waarde van eenvoudige dinge geleer het — maar vandag het die vrou ook soveel verpligtinge om na te kom dat sy as moeder net genoeg tyd het om aandag te gee aan die allernodigste.

HELEEN (*Half verwytend*): En met al haar sosiale verpligtinge skiet die vrou van vandag maar kort aan die eise wat aan haar as moeder gestel word! (*Kyk na Elizabeth wat verontskuldigend haar skouers optrek en staan dan op*): Mamma, dis 'n uitgemaakte saak: ek gaan *nie* plaas toe nie. En hoe gouer Jan dit besef, hoe beter. As hy wil gaan boer, sal hy eenvoudig sonder my moet gaan. (*Baie beslis*): 'n Plaas sien my nie, dankie. Ek gaan die woonstel gerieflik en na my smaak inrig, vir ten minste die volgende drie jaar nog werk en dan kan ons dit oorweeg of ons gaan laat bou of sommer koop. (*Stap in die rigting van die venster, maar as sy verby die bankie kom waarop die groot, vierkantige doos is, bly sy staan*). Die geskenk van Ouma tog! (*Druk met haar middelvinger op die doos asof sy wil voel wat daarin is*). Wat sou dit tog wees? En hoekom die vreeslike geheimsinnigheid dat ek dit onder geen omstandighede mag oopmaak nie?

ELIZABETH: Ja, en Ouma is so gesteld daarop dat dit gladnie voor die tyd oopgemaak moet word nie. Ek wonder . . . (*Met eens die lawaai van 'n stoel wat in die aangrensende vertrek omgestamp of weggesleep word. Uitroepe van pyn en verontwaardiging word gehoor*).

KLEINBOET (*Spring op sy een been die kamer in en as hy tot stilstand kom, gryp hy die groottoon van sy beseerde voet en vryf dit gewelddadig*): So 'n ellendige stoel! So'n draak van 'n ou ding! So 'n gemors! Ek sê vir ma dat . . .

ELIZABETH (*Val hom in die rede*): Liewe deug, kan jy nie soos 'n beskaafde mens die kamer binnekom nie? Wat se geskree is dit?

KLEINBOET (*Haal Ouma se geskenk van die bankie af en sit dit taamlik hardhandig op die vloer neer. Gaan sit op die bankie*): Ma kan maklik praat! My toon is skoon af — flenters gestamp teen daardie ellendige ou tambotiehoutstoel wat Ma van Oupa geërf het!

HELEEN: Kan jy dan nie kyk waar jy loop nie?

KLEINBOET (*Ignoreer haar*): Kan Ma nie 'n plan met die ou ding

maak nie? Hy pas gladnie by ons ander goed nie en almal kyk altyd so snaaks na hom asof hulle dink dat ons van lotjie getik moet wees om so 'n ou stuk affêre in ons huis te hê!

ELIZABETH (*Streng en gebiedend*): Kyk hierso, as jy soos 'n mal mens wil gil, trap jy dadelik hier uit. Verstaan? (*Kyk na die deur. Dan sagter, minder streng, half-pleitend*). Netnou kom Ouma hier in. Jy weet hoe Ouma oor die ou stoel van oorlede Oupa voel. Dis 'n waardevolle besitting, Boet, 'n kosbare erfstuk. En as die mense daarna kyk, dan is dit juis omdat dit iets besonders is.

KLEINBOET: Wel, ek sê net vir Ma, eendag is eendag dat iemand hom disnis sal loop teen die stoel en dan . . .

HELEEN: Ag hou tog op met sanik! Stuur hom tog om vir ons te gaan koeldrank haal, Mammie. Een ding van 'n skoolvakansie: die kinders is ledig en net 'n las vir ander wat wil werk.

KLEINBOET: Nou ja goed, maar ek wil gemmerbier hê, hoor. (*Mank-mank af*).

HELEEN (*Frommel 'n klomp los papiere inmekaar. Staan dan meteens stil asof iets haar byval*): My troukoek! Ek moet dadelik bel om te hoor of hulle dit voor twaalf sal kan aflewer! Ag, pak Mams tog maar so lank uit, hoor! (*Gooi die papier sommer op die vloer neer en storm deur toe, waar sy Ouma byna onderstebo loop*). Haai, ekskuus Ouma! Groot ekskuus, Ouma! (*Af*)

OUMA (*Kom stadig binne en druk versigtig met haar kierietjie op die vloer. Stoot die papiere op die vloer eenkant toe. Glimlag*): Die kind tog. Wat is dit nou weer? (*Beweeg stadig na 'n stoel toe. Gaan sit*).

ELIZABETH: Sy gaan net bel oor haar troukoek, Ma.

OUMA: Ag ja . . . tog te opgewonde, nè? Maar mens se troudag is darem ook so 'n groot dag. Ek is tog so bly dat ek hier kan wees . . . my oudste kleindogter . . . Ongelooflik soos wat die tyd gevlieg het . . .

ELIZABETH: Ja, nou die dag was sy nog 'n dogtertjie. Môre, 'n bruid. (*Sy probeer bietjie orde in die chaos skep deur die geskenke te rangskik. Sy tel Ouma se geskenk op om dit ook op die tafel neer te sit*). Ai, Ma het ons darem al so nuuskierig gemaak met hierdie geskenk. Heleen en ek brand al eintlik om dit oop te maak.

OUMA (*Lag selfvoldaan*): O so, nè? Ja Elizabeth, ek moet maar vir jou vertel wat dit is. Julle sal tog nooit raai nie. Dis 'n gehekelde bedsprei (trots) wat ek self gemaak het en . . . van die beste gare wat mens maar kan kry.

ELIZABETH (*Uit die veld geslaan*): 'n . . . 'n . . . Bedsprei, sê Ma? (*Gaan sit op 'n stoel naby Ouma*).

OUMA: Ja, kind. Met my eie ou hande gemaak. Elke stekie. 'n Pragtige dubbelbedsprei. Wag, laat ek gou vir jou wys voor sy terugkom. (*Sy lig haar maar Elizabeth maak 'n afwerende gebaar*).

ELIZABETH: Nee Ma, wag so 'n bietjie. Ma sê dis 'n dubbelbedsprei? Wel . . . ek . . . ek hoop sy gaan daarvan hou . . . Ma weet mos hoe die jongklomp van vandag is . . . mos net oë en ore vir nuwerwetse dinge . . .

OUMA (*Verontwaardig*): Maar Elizabeth! Hoe kan jy twyfel of Heleen daarvan sal hou! Natuurlik sal sy! (*Sit effens vorentoe*). Heleen is 'n regte Bosman. (*Met trots*). Dit het ek mos gesien, my kind. Kyk hoe bly is sy dat ek gekom het vir haar troue. Nee, nee, sy is 'n opregte Bosman. Hoe sal sy dan nie van haar ouma se geskenk hou nie?

ELIZABETH: Nee, ek het dit nou nie so bedoel nie, Ma. Sy . . . sy sal natuurlik daarvan hou. Maar sê my: hoe het Ma dit so gou klaar gekry?

OUMA: Gou klaargekry, vra jy? Elizabeth, my kind, ek het twee en twintig jaar lank daaraan gewerk.

ELIZABETH (*Verbaas*): Twee en twintig . . . hoe bedoel Ma: twee en twintig jaar?

OUMA: Onthou jy nog die aand toe Helena gebore is?

ELIZABETH: Hoe sal ek dit dan ooit vergeet? Dit was 'n Woensdagaand . . . op die plaas by Ma-hulle in die huis. Ek onthou hoe . . .

OUMA (*Asof sy haar dogter nie eers gehoor het nie*): Daardie selfde nag het ek die gare gaan uithaal . . . die gare wat ek jare lank reeds gebêre het vir 'n bedsprei vir my eerste kleindogter. Nadat julle weg is, het ek daarmee begin. (*Asof sy ver terugdink*). Dit was twee en twintig jaar gelede, Elizabeth, en twee en twintig jaar lank het ek daaraan gewerk. Elke stekie is sorgvuldig gemaak, sterk, stewig, sodat dit altyd in my geslag sal bly. Helena sal dit gebruik en na haar . . . haar oudste dogter . . . van geslag na geslag . . .

ELIZABETH: Maar Ma, vertel haar hiervan! Ek het haar en Kleinboet netnou by die hekkie sien uitgaan en as sy terugkom, moet Ma haar die buitengewone geskiedenis van die bedsprei vertel, sodat sy kan verstaan as . . . as sy dit oopmaak . . . Ma weet, die jongmense van vandag . . .

OUMA: Dit sal nie nodig wees om dit vir haar te verduidelik nie, Elizabeth. (*Ongeduldig en effens vererg*). Ek hoef nie my geskenk aan haar op te veil nie! Ag, hoeveel ure het ek nie stilletjies daaraan gewerk nie. En hoe het ek my altyd voorgestel dat haar oë sal blink en hoe sy verras sal uitroep. Hoe pragtig en waardevol, Ouma! Net wat ek altyd wou gehad het! En nou . . . nou het die oomblik amper al aangebreek.

ELIZABETH: Maar wat 'n kolossale werk, Ma!

OUMA: Kolossaal? Nee, my kind. 'n Liefdeswerk. Terwyl ek gewerk het, het ek in elke stekie die simbool van my kleindogter se lewe gesien. Die ontwerp wat ek uitgekies het, was my eie: 'n ossewa wat oor die vlakte verdwyn en 'n Boeredogter wat die wa agternastaar . . . Want Helena is mos 'n Boeredogter en sal sy nie trots wees om 'n stukkie van die Boeregeskiedenis in haar huis te hê nie! (*Opgewonde*) Maar, my kind, jy moet eintlik die randpatroon sien!

ELIZABETH: En hoe is dit, Ma?

OUMA: Kan jy dink hoeveel jaar ek daaraan gewerk het! Stewige pilare waaromheen blomkranse slinger! So sal my kleindogter wees: sterk teen al die versoekings van die lewe, elke dag, elke ding wat sy doen, 'n sieraad soos 'n blommekrans.

ELIZABETH (*Huiwerig*): Ma . . . ek dink tog Ma moet dit vir haar verduidelik . . . Ma sien . . .

OUMA: O, jy wil hê dat ek alles moet verduidelik, want jy is bang dat sy dit as outyds sal bestempel? My geskenk outyds? En sy is dan . . . 'n spruit van die Bosman-geslag . . . trots . . . standvastig . . . Helena.

HELENA (*Asof sy op die noem van haar naam reageer, verskyn sy in die deur*). Dis te wonderlik! (*Uitasem*). Alles is gereed; die koek word netnou afgelewer en, o, ek moet julle tog gou eers vertel . . . (*Sy bly stil, want sy voel die vreemde stemming aan*). Maar waarom so sedig? Wat se diep dinge het Ouma en Mamma gesels?

OUMA: Helena, my kind (*staan moeisaam op en stap na haar toe*): ek het tog maar besluit dat jy nou maar my geskenk aan jou moet oopmaak. Waar is die skêrtjie nou?

ELIZABETH (*Staan ook op en bly 'n entjie agter Ouma en Heleen staan*): Ja . . . jy . . . Heleen, jy kan nie dink wat 'n wonderlike geskenk dit is nie . . . jy . . . jy sal trots wees om dit te besit . . .

HELEEN (*Opgewonde*): Ek het geweet Ouma sal my darem nie so straf nie! Ek is al so opgewonde om te weet wat dit is. Gee die skêrtjie, Ouma, ek sal dit oopmaak.

OUMA (*Besig om die dikkerige tou met die klein skêrtjie deur te sny*): Nee, toemaar. Ek sal dit self doen.

HELEEN: Kan ek maar so lank raai?

OUMA: Toemaar, my kind. Laat ek hoor wat jy dink. (*Haar hele houding een en al afwagting*).

HELEEN: Dit is . . . van . . . van daardie pragtige Sweedse matjies wat 'n paar maande gelede op die mark gekom het . . .

OUMA: Raai maar weer.

HELEEN: Dalk 'n . . . 'n . . . swart aandrok met vlamrooi rose op die soom . . .

OUMA: Jy sal tog nooit reg raai nie. (*Haal die papiere af*). Kyk nou maar, my kind . . . (*Staan effens terug terwyl Heleen die sprei uit die doos haal. Elizabeth is ook nou by. Heleen staan met die sprei in haar hande en weet blykbaar nie wat om te sê of te doen nie*).

ELIZABETH: O, hoe pragtig! Kyk net die ontwerp! (*Vou die sprei oop*). Is dit nie wonderlik nie! En om te dink dat Ouma dit alles self gedoen het!

HELEEN: Is dit . . . 'n . . . 'n . . . tafeldoek . . . of wat?

OUMA (*Verontwaardig*): 'n Tafeldoek! Lyk dit vir jou na 'n tafeldoek?

HELEEN: Ag Ouma! Dit kan tog nie iets anders wees nie! (*Dan minder seker van haarself*).

OUMA: Dis 'n bedsprei Helena, een waaraan ek twee-en-twintig jaar lank gewerk het, vanaf 'n week na jou geboorte tot 'n paar weke gelede.

HELEEN (*Heeltemal verwar*): 'n Bedsprei? Bedoel Ouma dat dit 'n bedsprei is, 'n *groot* bedsprei? (*Val dan half oop*). Vir 'n bed, Ouma? (*Effens uitasem, maar bly 'n hele rukkie stil, asof sy na haar verwarring agterkom wat eintlik gebeur het*).

OUMA (*Effense frons tussen haar oë*): Dit is groot, Helena, omdat dit vir 'n dubbelbed gemaak is.

HELEEN (*Kort, senuweeagtige laggie*): 'n Dubbelbed, Ouma? Hene Ouma, en Jan verseg dan om op 'n dubbelbed te slaap! Die Jan darem! (*Onthou dan om baie ingenome te wees*). Ag, maar dis darem baie gaaf van Ouma! (*Trek asem in*). Die randpatroon, (*half onduidelik*) pragstuk! (*Bekyk weer die hekelwerk van naby*). Reken nè? Om so lank daaraan te gewerk het! (*Sonder veel oortuiging*). Hete, daarvoor sien ek sowaar nie kans nie! En dis nogal vir 'n yslik tamaai ou dubbelbed gemaak. Ouma weet mos, dubbelbeddens het destyds saam met die runderpes, of was dit nou die tien plae, uit die mode geraak! (*Laggie*).

ELIZABETH (*Lag ook maar gespanne en bitter*).

HELEEN (*Kyk 'n oomblikkie vol simpatie na Ouma wat afgehaal en half verleë daar staan*). Ag, Ouma weet hoe dit vandag gaan! Ons het mos nie meer die tyd en geduld wat Ouma-hulle gehad het nie! En as Jan in die aande van een van sy pasiënte af kom, sal ek altoos wakker word, Ouma weet mos hoe dit met 'n dokter is. Hulle moet so baie snags uit wees. (*Praat asof Ouma 'n klein kindjie is*). Ek sê vir Ouma wat! Ons bêre hom nou eers, en as Jan en ek eers ons groot nuwe huis gebou het, dan bou ons spensenjaal 'n kamer vir besoekers wat graag in dubbelbeddens slaap. Dan gooi ons Ouma se wonderlike mooi dinges, ag . . . (*Frons asof sy hard dink*). Ouma weet

tog wat ek bedoel . . . (*wys met vinger na bedsprei*). daaroor. En dan is ek tog seker dat Ouma vir ons sal kom kuier, nè? (*Baie ingenome met haarself*).

KLEINBOET (*Vanuit 'n ander vertrek*): Heleen! Hier's Jan!

HELEEN (*buk vinnig vorentoe en gee Ouma 'n piksoentjie. Draai haar dan na Elizabeth*): Mamma, ag trek tog asseblief gou my kamerdeur toe! Moenie dat hy my trourok sien nie! (*Heleen af*).

OUMA (*vou langsaam en moeitevol die sprei op. Stemme van Jan en Heleen word buite gehoor. Rukkie stilte in die vertrek*).

ELIZABETH (*Diep bewoë, sit hande oor haar gesig. Kyk stadig op. Stem half onseker*): Pak dit weg tussen mottegif dat dit behoue kan bly tot dit later vir haar mooi is . . . (*Elizabeth af*).

OUMA (*Probeer weer die papier netjies om doos vou, maar kry dit nie reg nie*). Die eerste keer het ek dit so netjies toegedraai gekry . . . (*Verlaat stadig die vertrek met doos onder arm*).

GORDYN.

AFRIKAANSE BOEKE IN NEDERLAND

Reëlings is getref vir die popularisering van die Afrikaanse boek in Nederland. Die Unie se Departement Onderwys, Kuns en Wetenskap is tans besig om die boeke te keur wat na Holland gestuur sal word en 'n gematigde optimisme oor die moontlike afset van Afrikaanse boeke is wel geregverdig.

Die Vaderland, 1 Julie 1958.

CULTUURVERSPREIDING

In Kannenfeld-Park, een groot volkspark in Bazel, Zwitserland, heeft de hoofdhovenier, uit ijver voor de verheffing en veredeling van het volk, in open lucht een uitleenbibliotheek zonder bibliothecaris opgericht. Het is een étagère met vijf rijen boeken. Zij hangt tussen vier in x-vorm geplaatste paaltjes van een hoge schraag, waarboven een rudimentair, rustiek dakje, dat tussen het lover eerder een sieraad is dan dat het zou misstaan. De Vereniging van boekhandelaars van Bazel levert en vernieuwt regelmatig geheel kosteloos de boeken en tijdschriften. Wie in het Kannenfeld-Park wat lezen wil, haalt zich daar een boek en brengt het, voor hij naar huis gaat, weer terug. Doorgaans, ten minste.—G.W.

In: Nieuw Vlaams Tijdschrift XII/1, 1958 bl. 102.

Boekbesprekings

W. A. DE KLERK: *POENS; WILLEMIEN SE LIGTE DAE.* Uitgewer: Afrikaanse Pers-Boekhandel, Johannesburg.

Aan jeuglektuur is daar in Afrikaans geen tekort nie; aan jeugletterkunde wel. In dié sin moet De Klerk se twee jongste jeugwerke verwelkom word. Elk is op eie terrein 'n brokstukkie lewe van soveel suiwerte en helderheid dat daar telkens weer na die rak sal teruggekeer word om opnuut te geniet. *Poens* sou 'n mens 'n divertimento kan noem, *Willemien* 'n scherzo — mits dan in gedagte gehou word, soos afdoende deur die musiek bewys is, dat die ligste klanke slegs deur die grootste meester die suiwerste gehanteer kan word.

Poens is die lewendigste klein seun wat ek in Afrikaans ken; veel lewendiger as Fanie of Patrys, want Poens *beleef* nie net nie, hy *leef* ook. Daar is meer as avontuur en spanning: De Klerk bewys hier met hoeveel spanninge die gewone verhoudinge en situasies van die lewe kan wees, hoe ryk, as ons die oë maar net wil oopmaak. Die bedenking mag geopper word dat die geheimsinnigheid oor Poens se herkoms onnodig is — maar dis geen kernbeswaar nie, want dit gaan nie hier om Poens se soektog om identiteit nie, maar om sy ervaring van die lewe. En „lewe" vir Poens is die kleurryke bestaan op Pienaarsvlei, die omgang met geskakeerde en liewe mense, skoolgaan by die strenge, opregte mister Franken, gesels met outa Plaat, bergklim agter die oorlamse ou bobbejaan aan — en 'n spannende potjie met die daggakweker en skelm, Gert Los. Daar is 'n verskeidenheid van lewende karakters: oom Tone en oom Twerms, beminlike, rype tant Patta, Magdel met haar koketterie en haar eie grootwordprobleme; en outa Plaat met sy wysheid-uit-die-aarde, hy wat sonder voorbehoud geglo en gevolg word. Maar al hierdie dinge is in eerste instansie dan gegee is belewenisse en verhoudinge van die *kind,* met die wondere van sy bestaan: die vermoë om enigiets op gesag te aanvaar, om leed te vergeet, om te geniet of manhaftig te wees, om „diep" dinge te praat, om te begryp en begryp te wil word. Dit is veral ook die elementele lewe van die kind wat aangeslaan word: die kind wat in deur sy omgewing en die natuur lewe.

Willemien se ligte dae is meer as net 'n vroulike teëhanger van *Poens.* Hier, weer eens, gaan dit nie om avontuur nie, maar om die spanninge in die gemoed van 'n dogter in haar grootwordjare — op die drumpel van die lewe, wanneer alles soveel wesenliker voorkom, wanneer kleure feller is, gemoedservaringe hewiger, en onsekerheid die huiwerende klankbodem van alles, omdat die lewe nog 'n soeke is, 'n gedurige worsteling. Daar is weliswaar ook enkele mankemente: soms raak Willemien miskien 'n bietjie té maklik op hol; teen die einde slaag sy in die matriekeksamen met 'n eersteklas en wil universiteit toe gaan — sonder dat sy matesis geskryf het; ousus Emma en die moeder is baie vaag; daar

bestaan die neiging om soms te veel staaltjies te wil invleg. Maar dit gaan in eerste instansie nie om newekarakters nie. Dit gaan voor alles om Willemien self, 'n meisiekind wat hewig kan voel; intelligent, met 'n sterk wil, met vlae van durf en van vae verlange en van opstandigheid. Dit gaan om háár en haar verhoudinge: die ontwakende gevoel teenoor Teuns, die verhouding met haar vader, haar moeder, haar suster, dokter Eben — en al die komplekse verhoudinge met haarself.

Maar niks hiervan is abstrak benader nie; dis geen „studie" van die jong gemoed nie — alles is vol-uit in die lewe gesien, in terme van bekende en waarbewese dinge, en weer eens is die milieu die Boland, wat die skrywer die beste ken.

Hierin lê albei werke se grootste verdienste: dat hulle in hul dartele lewensblyheid *waar* is, omdat hulle nie bespiegel nie, maar uitbeeld — vol kleur, vol belewenis, en baie opreg. Daarom sal die jeug vir wie hulle in die eerste plek geskryf is, hulle van harte geniet. Maar omdat hulle ook die hart van die wesenlike aanraak is hulle meer as ideale werke vir voorskryf: werke wat ondanks kleinere gebrekies langer as een of twee of vyf drukke sal bestaan, en steeds jonk sal bly, soos wat die jeug self altyd nuut bly.

ANDRÉ P. BRINK

DIE BEDRIEËRS, deur D. P. du Toit. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad 1958.

Hierdie eenbedryf-klug is 'n herdruk van die eerste drama wat in Afrikaans geskryf is, nl. van *Di Bedriegers* wat in 1893 verskyn het. Om militêre diens te ontduik, ly 'n aantal bangbroekburgers aan allerlei siektes as hulle voor die dokter moet verskyn, maar al die kwale verdwyn skielik in die teenwoordigheid van 'n aantreklike meisie. Die bou van die klug is onbeholpe en die karakterweergawe baie oppervlakkig. Maar die moderne taalvorm waarin die stuk verwerk is, sal dit as kultuur-historiese produk, vir 'n groter aantal lesers toeganklik maak.

S. C. HATTINGH

MAGRIETA PRINSLOO, deur S. J. du Toit. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad 1958.

Net soos bogenoemde drama is hierdie toneelstuk ook 'n herdruk van S. J. du Toit se *Magrita Prinslo,* of *Liifde getrou tot in die dood* wat reeds in 1897 opgevoer is. Dit bestaan uit dertien taferele uit die geskiedenis (Groot Trek) wat baie los aan mekaar verbind is. Die bou is dus gebrekkig, die karaktertekening en botsing uiterlik en dis slegs die lewendige dialoog en kleurryke afwisselinge in die voorstelling van 'n heldhaftige tydperk in ons geskiedenis wat enigsins bekoor. Ook hier sal die moderne Afrikaanse taalvorm veel doen om aan die boekie 'n wyer leserskring te besorg.

S. C. HATTINGH

EN HADDE DE LIEFDE NIET ... deur Eitemal, Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad 1958.

Dis ook 'n herdruk van Eitemal se probleemdrama wat reeds in 1935 verskyn het. Dit handel oor die tragedie van 'n liefdelose man wat deur sy eer- en selfsug sy vrou se geluk vernietig en haar dood veroorsaak. Die uitbeelding van die hoofpersoon se karakter

is te eensydig — sy volgehoue verstoktheid en wreedheid onaanvaarbaar. Daarby is die bou van die drama los en onbevredigend. Nogtans het dit in die praktyk geblyk dat die stuk wel met sukses opgevoer kan word en is dus in dié opsig 'n aanwins vir die Afrikaanse toneelliteratuur.

S. C. HATTINGH

SISERA, deur D. F. Malherbe. Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad 1958.

Malherbe lewer nogeens 'n Bybelse drama in vyf bedrywe. Die taalvorm is gebonde, nl. vyfvoetige jambes. Hy behandel die stryd tussen die Filistyne en die Israeliete om die grondgebied by Safed. Onregstreeks word dit ook 'n stryd tussen die heidense god Baäl en die God van Israel soos verteenwoordig deur Barak. Sisera is die leërhoof van die Filistyne wat as gevolg van sy verhouding met Smarina, die koningin en vrou van Jabin, geweldige opgang maak. Maar sy planne word ondermyn deur Moeta die vrou wat hy verstoot het en deur Rasta en Dardin, jaloerse hoofmanne. Sisera se planne is van die begin af gedoem tot mislukking en hyself tot ondergang hoofsaaklik omdat Baäl nie teen die mag van die Israelitiese God bestand is nie.

Alhoewel die volgehoue jambemaat eentonig aandoen, is daar genoeg spanningsmomente in die verhaal om die leser en ook die gehoor se aandag te boei. Die voorstelling van die karakters is lewendig en deurgaans oortuigend en die bou van die drama redelik heg en vas. Dis hoofsaaklik die vorm wat mens aan 'n suksesvolle opvoering daarvan laat twyfel.

S. C. HATTINGH

ANDRÉ P. BRINK: *DIE MEUL TEEN DIE HANG*. Tafelberg-uitgewers, Kaapstad 1958. Prys 8/-.

Wanneer 'n jong skrywer sy debuut maak is dit altyd 'n belangwekkende gebeurtenis: vir die skrywer self, omdat hy met sy eersteling-werk aan sy kultuurgroep 'n proef voorlê van wat hy vermag as skeppende kunstenaar, 'n proef tewens waaraan sy talente gemeet kan word; vir die letterkunde, omdat die verskyning van nuwe talente met aanleg 'n openbaring is van die aanwesigheid van gesonde skeppingskrag binne die geledere van die bepaalde kultuur.

In die novelle: *Die Meul teen die Hang,* waarmee André Brink, wat reeds op verskillende terreine van die skeppingslewe bekend geword het, sy debuut maak, word 'n heel eenvoudige verhaal vertel. 'n Verminkte, eensame mens verskyn in 'n Oos-Transvaalse voorpos-dorpie en verower vir hom 'n staanplek in die bosbouersgemeenskap se sakelewe. 'n Gesonde vriendskap ontwikkel tussen hom en 'n klein dogtertjie, ondanks die ouers se verset. Die kind raak verongeluk by die saagmeule en die ouers, gesteun deur die gemeenskap, probeer die verminkte verdryf — sonder welslae. Dit loop uit op die ontketening van allerlei minder-aangename neigings, wat uiteindelik daarop uitloop dat kampongnaturelle die saagmeule vernietig en die verminkte sonder die nodige houvas laat om staande te bly.

Agter hierdie eenvoudige verhaal, waarin die nadruk deurgaans val op die innerlike lewe van die karakters, beweeg egter die relaas van die dieper gees-

tesgrond waaruit die vertelling gevoed word: die hunkering van die mens na aanraking met sy medemens en die onverbiddelike eensaamheid waartoe elke mens tog maar gedoem bly, ondanks tydelike ligpuntjies van kortstondige aansluiting by sy medesterflinge. Dus weer die eensaamheidsmotief wat so 'n opvallende bestanddeel uitmaak van haas al ons eersterangse Afrikaanse prosakuns, moontlik omdat dit 'n kenmerk is van die gees van die Calvinistiese mens.

'n Swakpunt in die bou van die geheel is die afloop, waar die hoofpersoon ondergaan nie deur die haat van die gemeenskap met wie hy bots nie, maar eintlik deur 'n mag wat buitekant daardie gemeenskap gestaan het — al is die ondergang ook goed voorberei en al het sy eie optrede tot 'n mate sy ondergang bewerk. Hierdie afloop ontneem aan die hoofpersoon die geleentheid tot versoening ná straf — en juis daardeur boet die verhaal grootsheid van tragiese krag in.

Daarteenoor staan die positiewe verdienstes van 'n treffende taalbeheer, soberheid van vertelling, en die vermoë om af te steek na die dieptes toe, in die gees van die mens, waar die lewe sy bron het.

Dit alles bring mee dat ons hier 'n eersteling het wat ons dankbaar ontvang omdat dit eienskappe openbaar wat ons aandag met afwagting gerig sal hou op die verdere loopbaan van hierdie jong kunstenaar. Dis 'n novelle wat reeds in hom die bewyse dra van die aanlag van sy skepper.

ABEL COETZEE

BOEKE ONTVANG:

André Demedts: *Vlaamse verhalen,* versameld en ingeleid door . . . ; uitgewer: Het Spectrum, Utrecht / Antwerpen (Prisma Boeken Nr. 335).

Pierre Dubois e.a.: *Facetten der Nederlandse Poëzie van Willem Kloos tot Willem Elsschot,* samengesteld door P. H. Dubois, K. Jonckheere, L. van der Waals; Uitgewer: Nijgh & Van Dilman, 's Gravenhage.

J. A. I. Agar-Hamilton: *These men shaped your world.* Publikasie van die S.A.U.K.

Herwig Hensen: *Het Venster.* Gedigte; Uitgewer: A. Mantean, Brussel, 1958.

Karel Jonckheere: *Verzamelde Gedichten;* Uitgewer: Diogenes-Antwerpen / A. A. M. Stols, 's Gravenhage, 1956.

Michels, Prof. Dr. L. C.: *Filologiese Opstellen II: Stoffen uit de 16e en 17e eeuw;* uitgewer: W. E. Tjeenk Willink, Zwolle, 1958; prys: ing. f 16; geb. f 18.50.

Mr. Frans Erens: *Vervlogen Jaren.* Uitgegee deur Harry G. M. Prich; Uitgewer: W. E. Tjeenk Willink, Zwolle, 1958; Swolse Drukken Nr. 29; prys ing. f 16.50.

Gideon Roos: *Die uitsaaiwese in diens van ons samelewing.* S.A.U.K.-publikasies 1957.

Jan van Nylen: *Te laat voor deze wereld.* 'n Bundel nuwe gedigte. Uitgewer: G. van Oorschot, Amsterdam, 1957.

F. A. Venter: *Swart Pelgrim.* Roman. Tafelberg - uitgewers, Kaapstad. Tweede hersiene uitgawe, 1958.

Gerard Walschap: *De Francaise.* Roman. Uitgewer: Elsevir, Amsterdam/Brussel, 1957.

Skrywersaangeleenthede

Op 26 Junie 1958 het die Johannesburgse Stadsraad, op inisiatief van die Afrikaanse Skrywerskring, hulde gebring aan wyle Jan van Melle, deur in die Faan Smit-park, Melville, 'n gedenkplaat te onthul. Drie jaar gelede het die Johannesburgse Stadsraad op soortgelyke wyse die nagedagtenis van Olive Schreiner gehuldig. Hierdie funksie is die eerste van sy soort wat van stadsweë vir 'n ontslape Afrikaanse skrywer gereël is. 'n Krans is gelê deur mev. J. A. Kamp, dogter van die skrywer.

In die hoofrede het prof. Abel Coetzee, Voorsitter van die Afrikaanse Skrywerskring, daarop gewys dat ons met hulde aan die nagedagtenis van J. van Melle meteens ook hulde bring aan 'n groot aantal Nederlanders wat in die afgelope driekwart eeu na Suid-Afrika gekom, hulle met die Afrikaanse kultuur vereenselwig en belangrike dienste aan hulle nuwe vaderland bewys het. Vir Van Melle huldig ons hoofsaaklik vir sy besonder hoogstaande roman: *En Ek is nog Hy,* en om sy eenvoud en egtheid as mens.

Voorts het prof. Coetzee daarop aangedring dat daar iewers in ons land 'n nasionale kerkhof aangelê moet word waarin almal wat hulle op voortreflike wyse diensbaar gemaak het vir ons land, volk en kultuur bymekaar begrawe kan word.

Die Potchefstroomse werkgemeenskap, onder voorsitterskap van mnr. André Brink, het vanjaar die volgende byeenkomste gehou: 'n besprekingsaand oor die jongste tendense in die poësie; 'n toespraak deur prof. Schulze oor *Faust;* en 'n huldigingsfunksie vir mnr. W. A. de Klerk, wat toe ook die woord gevoer het.

Die nuwe bestuur van die werkgemeenskap Durbanville-Bellville is soos volg saamgestel: Mnr. Ben Conradie (Voorsitter), mnr. A. J. J. Visser (Sekretaris) en as bykomende lede mev. D. Beukes en mnr. G. Pretorius. Sedert die stigting van hierdie werkgemeenskap is twee vergaderinge gehou. By die eerste het dr. H. Stiller (voorheen Duitse Konsul-generaal in die Unie) 'n groot groep belangstellendes toegespreek oor *Ons Kaaps-Hollandse Kultuurskat,* geïllustreer met ongeveer 100 kleurfoto's wat hy persoonlik van die Bolandse herewonings e.s.m. geneem het. By die tweede vergadering het skrywers oor hul eie werk belangrike bydraes gelewer. Die Vlaamse digter Fred Walewyn het o.m. gepraat oor die verhouding Vlaandere tot Suid-Afrika.

Die werkgemeenskap Stellenbosch het die afgelope jaar die volgende byeenkomste gehou: Dr. F. J. Snijman oor *Styl en Stilistiek;* dr. J. J. Degenaar oor *Opmerkinge oor die Eksistensialisme en die Poësie van Van Wyk Louw;* dr. P. Weiss oor *Die ontdekking van die Qumranrolle;* en prof. T. J. Haarhoff oor *Die Rol van die digter in die Antieke Wêreld.*

ELATA — MCMLVIII

OM EENDAG RUSTIG
AGTEROOR
TE KAN SIT

VERSEKERING
DEUR

SANLAM

DIE GROOT AFRIKAANSE
LEWENSVERSEKERINGSMAATSKAPPY

VZ 1289-2a

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Die tegniese vaardigheid van die ou meesters en hul strewe na die beste, leef voort in die vervaardiging van Rembrandt VAN RIJN-sigarette. 'n Volmaakte pakkie sigarette is die samegestelde resultaat van talle klein verbeterings. En hierdie doel is verwesenlik in Rembrandt VAN RIJN — die meesterstuk in sigarette.

Rembrandt

VAN RIJN

FILTER DE LUXE

DIE WÊRELD SE EERSTE LANG SIGARET MET FILTERMONDSTUK

VRFA-59y